Vrieskamer: 'n Kamer of uitrusting wat spesiaal ontwerp is om die temperatuur van 'n voedselproduk deur die maksimum kristallisasiesone (vir die meeste produkte tussen −1 °C en −5 °C) tot 'n ewewigstemperatuur wat nie −18 °C oorskry nie te verminder binne 'n tydperk wat tov die produk aanneemlik is.

3. VEREISTES VIR DIE FABRIEK.

3.1 ALGEMEEN: Daar moet aan al die statutêre vereistes van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), en die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), voldoen word.

3.2 KONSTRUKSIE EN UITLEG VAN FABRIEK.

3.2.1 *Ligging, grootte en higiëniese ontwerp:* Die ligging van die perseel en die konstruksie van die fabrieksgeboue moet sodanig wees dat aanstootlike reuke, rook, stof en ander kontaminasie binne sodanige perke gehou kan word dat dit aan die vereistes vir higiëne en sanitasie voldoen.

Die fabrieksgebou moet 'n stewige konstruksie hê, moet in 'n goeie toestand wees en moet groot genoeg wees om te verhoed dat uitrusting en werknemers saamgedring word en om toereikende skoonmaak moontlik te maak.

Die fabrieksperseel moet goed gedreineer en op toereikende wyse omhein wees om groter diere soos katte en honde sowel as ongemagtigde persone en voertuie uit te hou. Buitenshuise werkgebiede, paaie en voetpaaie op die perseel moet 'n permanente oppervlak van beton, baksteen, teermacadam of ander duursame materiaal hê. Gebiede wat buite geboue geleë is en nie gebruik word nie, moet òf met grasperke bedek wees òf 'n oppervlak hê wat nie stof sal veroorsaak nie en nie toksiese stowwe bevat nie.

Die fabriek en uitrusting moet so ontwerp wees dat rou materiaal sonder oormatige vertraging verwerk kan word. Die ontwerp en konstruksie van die gebou moet so wees dat daar voorkom word dat insekte, voëls, knaagdiere en ander ongediertes die gebou binnekom of daarin skuilplek vind.

3.2.2 *Dakke en plafonne:* Dakke moet weerdig wees. Dakke en, indien toepaslik, plafonne moet styf teen die mure pas en moet minstens 2,4 m bo die vloer wees. In die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede moet die dak en, indien toepaslik, die plafon minstens 300 mm bo enige uitrusting wees en hoog genoeg wees om die vrye beweging van mobiele uitrusting en bewegende dele van uitrusting toe te laat. In die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede en in bewaargebiede vir bestanddele en verpakkingsmateriaal vir die produk, moet die dak of, indien toepaslik, die plafon stofdig wees en waar geen plafonne aangebring is nie, moet dakke beklee wees met geskikte ligkleurige korrosiebestande materiaal waarvan die konstruksie en afwerking sodanig is dat kondensasie, skimmelvorming, afskilfering en die vaskleef van vuiligheid tot die minimum beperk word.

3.2.3 *Mure en deure:* Buitemure moet weerdig en waterdig wees. Binneoppervlakte van mure moet met gladde, ligkleurige, wasbare, waterdigte materiaal beklee wees en moet vry wees van onnodige uitsteeksels. Hierbenewens moet die mure in die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede tot op 'n hoogte van 2 m bo die vloer met geskikte ligkleurige korrosiebestande materiaal beklee wees. Waar mure bo dié hoogte vuilgesmeer kan word, moet die bekleding tot op hierdie hoër hoogte strek waar dit vuil kan word. Alle lyste aan die binnekant van mure en alle vensterbanke moet met 'n hoek van minstens 45° na die vloer afloop. Die lyste moet so klein moontlik gehou word en vensterbanke moet minstens 1 m bo die vloer wees. In die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede en vries-, verkil- en koelkamers moet die muur-tot-muur- en muur-tot-vloeraansluitings met 'n minimum radius van onderskeidelik 25 mm en 40 mm gerond wees.

Deure en deurrame moet van geskikte korrosiebestande materiaal gemaak wees of daarmee beklee wees en moet naatlose, ligkleurige oppervlakke hê wat maklik skoongemaak kan word. Indien hout gebruik word, moet dit beklee wees om dit waterdig te maak. Deure waardeur die produk tussen die voorbereidings-, verwerkings-en verpakkingsgebiede vervoer word, moet breed genoeg wees om beskadiging en kontaminasie van die produk te voorkom. Alle deure na die verwerkingsgebiede in die fabriek, uitgesonderd die deure van vries-, verkil- en koelkamers, moet vanself toegaan, tensy hulle van doeltreffende lugskerms voorsien is. Die deure van vries-, verkil- en koelkamers moet dig sluit.

3.2.4 *Vloere:* Die vloere moet van beton gemaak wees of van ander geskikte ondeurlatende materiaal wat korrosiebestand is, maklik skoongemaak kan word en so gelê is dat dit 'n gelyk oppervlak vorm wat glad maar nie glyerig is nie en vry van barste en oop voeë is.

Vloere van die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede en van vries-, verkil- en koelkamers moet 'n geskikte helling hê en moet afvoer na buiterioolputte, opvangputte en -riole. Uitlate moet net binne die fabrieksmure 'n sperder hê wat voorkom dat knaagdiere binnedring.

Afvoerkanale moet van die oop tipe met, indien nodig, verwyderbare deksels wees en moet ontwerp wees om die maksimum vloeistofvloei te neem sonder om oor te loop of te oorstroom. Geen installasies wat die vloei en skoonmaak belemmer, mag in 'n afvoerkanaal aanwesig wees nie. Rioolputsperders moet voorsien wees van siwwe wat maklik verwyder word.

Waar nodig, moet plankmatte van ondeurlatende materiaal wat maklik skoongemaak kan word, vir werknemers voorsien word. Houtplankmatte mag nie in nat gebiede gebruik word nie.

3.2.5 *Hysbakke en trappe:* Die binneopervlakke van hysbakke moet van geskikte korrosiebestande materiaal wees en hysbakskagte moet behoorlik gedreineer en toeganklik vir skoonmaakdoeleindes wees. Maasdeure is aanneemlik indien dit nie onhigiëniese toestande bevorder nie. Trappe in kamers waar die produk voorberei, verwerk of verpak word, moet soliede stygstukke hê en moet voorsien wees van soliede relings wat hoog genoeg is om te voorkom dat produkte onder die trap gekontamineer word deur vloeistof wat oorspat.

3.2.6 *Kabels en pype:* Kabels en pype moet—

(a) bo die plafonne bevestig wees; of

(b) in mure ingelaat wees; of

(c) weg van muur- en plafonoppervlakke en bo die vloer bevestig wees en so gespasieer wees dat die plafonne, vloere, mure, kabels en pype maklik skoongemaak en in 'n higiëniese toestand gehou kan word; of

(d) onder die vloer aangebring wees.

Afvoer- en rioolpype moet nie bo plafonne of in voorbereidings-, verwerkings-, of verpakkingsgebiede of op so 'n wyse geïnstalleer wees dat toevallige lekkasie die produk kan besoedel nie. Die pype moet 'n binnediameter van minstens 100 mm hê en moet behoorlik na buite ontlug wees.

3.2.7 *Verligting en ventilasie:* In die algemene werkgebiede moet verligting van minstens 200 lux voorsien word en op plekke waar die produk noukeurig ondersoek word, moet die verligting minstens 540 lux wees. Die verligting moet sodanig wees dat dit nie 'n beduidende verandering in die kleur van die produk veroorsaak nie. Gloeilampe en armature wat aangebring is bo werkgebiede waar die produk tydens enige stadium van voorbereidings, verwerking of verpakking hanteer word, moet van die veiligheistipe wees of so beskerm wees dat kontaminasie van die produk in geval van brekasie voorkom word.

Die ventilasie moet toereikend wees om die lug vars te hou, oormatige hitte te voorkom, oortollige stoom te verwyder en die vorming van kondensaat en die ontstaan van skimmelgroei op oorhoofse strukture te voorkom. Die lugvloei moet van die meer higiëniese na die minder higiëniese gebiede wees. Natuurlike ventilasie moet, indien nodig, deur meganiese middele aangevul word. Vensters wat oopgemaak word, moet insekskerms hê. Die skerms moet maklik vir skoonmaakdoeleindes afgehaal kan word en moet van geskikte korrosiebestande materiaal wees. Die lug moet vry van skadelike walms, dampe, stof en kontaminerende aërosol wees.

3.2.8 *Handwasfasiliteite:* 'n Toereikende getal handwasbakke met krane wat nie met die hand of elmboog beheer word nie (knie- of voetbediende drukknopkrane met vooraf gestelde volumebeheer of traptipe krane is geskik), met genoeg warm en koue lopende water of warm water in die temperatuurbestek 40–50 °C, ongeparfumeerde seep of 'n aanneemlike detergentoplossing en weggooipapierhanddoeke of warmlugdroërs moet voorsien word by die ingange na die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede wat deur die werknemers gebruik word en op ander gerieflik geleë plekke wat nie deur uitrusting en werksaamhede versper word nie. Die handwasbakke moet van geskikte korrosiebestande materiaal wees en moet 'n gladde afwerking hê.

3.2.9 *Voetbaddens:* Tensy die afwesigheid van voetbaddens in bepaalde omstandighede aanneemlik is of daar vir alternatiewe aanneemlike skoonmaak- en ontsmettingsprosedures voorsiening gemaak is, moet voetbaddens wat 'n geskikte ontsmettingsoplossing bevat, voorsien word by elke ingang na die voorbereiding-, verwerkings- en verpakkingsgebiede wat deur werkers gebruik word. Die voetbaddens moet so geleë wees dat die werknemers nie toegang tot dié gebiede kan verkry tensy hul skoeisel onsmet is nie.

3.2.10 *Kennisgewingborde:* Kennisgewingborde wat spoeg, die gebruik van kougom en enige vorm van tabak en die eet of drink van verversings verbied, moet op strategiese plekke in die voorbereidings-, verwerkings-, verpakkings- en bewaargebiede aangebring wees.

3.2.11 *Water.*

3.2.11.1 *Drinkbare water:* Behoudens die bepalings van 3.2.11.3, moet elke fabriek 'n toereikende voorraad skoon, drinkbare water hê wat vry is van stowwe in suspensie en bestanddele wat skadelik vir die produk of nadelig vir die gesondheid is. Hierbenewens moet die water deur middel van uitvlokking, filtrering, chlorering of 'n ander aanneemlike proses behandel wees om voldoening aan die volgende vereistes te verseker:

(a) *Kolivorme organismes:* Die tellig vir kolivorme organismes mag nie 5 organismes per 100 mℓ van die water oorskry nie.

(b) *Fekale kolivorme bakterieë:* Daar mag geen fekale kolivorme bakterieë in 100 mℓ van die water waarneembaar wees nie.

Vir die doel van die waterondersoek sluit kolivorme organismes alle gram-negatiewe, nie-spoorvormende stawe in wat laktose in minder as 48 uur by 37 °C kan laat gis, met die voortbring van suur en gas. Fekale kolivorme bakterieë moet as gram-negatiewe, nie-spoorvormende stawe beskou word wat laktose in minder as 48 uur by 37 °C sowel as 44 °C kan laat gis, met die voortbring van suur en gas, en wat indool kan voortbring in peptoonwater wat triptofaan bevat en wat nie natriumsitraat as enigste bron van koolstof kan benut nie.

Indien gechloreerde water die produk op enige wyse nadelig beïnvloed, moet die water onmiddellik voor gebruik ontchloor word. In alle gevalle moet die konsentrasie vry residuele chloor bepaal word dmv die N,*N*-diëtiel-*p*-fenileendiamientoets of 'n ander aanneemlike toets met 'n ekwivalente sensitiwiteit.

Fabrieksinstallasies vir die behandeling van water moet minstens een maal per week deeglik volgens 'n aanneemlike metode gesteriliseer word.

3.2.11.2 *Seewater:* Skoon, ongekontamineerde vars, lopende seewater kan vir enige doel in die aanleg gebruik word, mits die telling vir kolivorme organismes nie 10 organismes per 100 mℓ van die water oorskry nie en geen fekale kolivorme bakterieë in 100 mℓ van die water waarneembaar is nie.

3.2.11.3 *Water vir skoonmaakdoeleindes:* Water wat gebruik word om die installasies en uitrusting na die voorbereiding en verwerking van die produk skoon te maak, moet aan die vereistes van 3.2.11.1 of 3.2.11.2 voldoen.

3.2.11.4 *Ys:* Die suiwerheid van ys moet sodanig wees dat die water wat van die ys verkry word direk na die vervaardiging daarvan (deur die ys in aseptiese toestande by 'n temperatuur van hoogstens 10 °C te smelt) aan die mikrobiologiese vereistes van 3.2.11.1 of 3.2.11.2, soos toepaslik, voldoen.

3.2.12 *Skeiding van prosesse en fasiliteite:* Afsonderlike kamers of goed afgebakende gebiede van geskikte grootte moet voorsien word vir—

(a) die ontvangs en bewaring van rou materiaal;

(b) voorbereidingswerk soos afdop, ontskulping, ontderming, rugdopverwydering, pluk, skudding;

(c) verwerkingsprosesse soos halfgaarkook, kook, bedekking met broodkrummels of met beslag en bevriesing;

(d) verpakking; en

(e) die bewaring van die produk.

3.2.12.1 *Vrieskamers, verkilkamers en koelkamers:* Verkoelingsmasjinerie mag nie in 'n werkgebied geïnstalleer word nie. Indien vrieskamers, verkilkamers en koelkamers in die werkgebiede geleë is, moet die vloere daarvan 'n integrerende deel van die vloer van die voorbereidings- of verwerkingsgebied wees of op toereikende wyse aan die vloer verseël wees. So nie moet die vloer hoog genoeg bo die bodem geïnstalleer wees sodat die bodem daaronder maklik en deeglik skoongemaak kan word.

Die vloere en mure moet in 'n goeie toestand wees. Die oppervlakte van plafonne, vloere en mure moet van geskikte korrosiebestande materiaal wees. Die vloere moet 'n helling hê om volledige dreinering te verseker.

Koelkamers moet outomaties temperatuurregistreerders hê met genoeg voelelemente wat op geskikte plekke aangebring is om die totale temperatuur te moniteer. Temperatuurkaarte moet so gegradueer wees dat elke indeling in die bewaarbestek hoogstens 2 °C verteenwoordig. Die kaarte moet maklik tot die naaste 1 °C in die bewaarbestek afgelees kan word. Produksielotvrieskamers moet eksterne meters of ander temperatuuraanwysers hê.

Die ingange na vries-, verkil- en koelkamers moet teen die invloei van warm lug beskerm wees deur die voorsiening van 'n voorvertrek of 'n meganiese luggordyn of strookgordyne of luike wat vanself toemaak. Die deure van vries-, verkil- en koelkamers moet dig sluit.

3.2.12.2 *Bewaarfasiliteite vir eetbare materiaal:* Bewaarfasiliteite vir eetbare materiaal, uitgesonderd die bevrore of verkilde produk, moet droog, vry van stof en ander bronne van kontaminasie, en rotdig wees. Eetbare materiaal, uitgesonderd die bevrore of verkilde produk, moet in toe houers en weg van die vloer bewaar word. Nie-eetbare materiaal mag nie in dieselfde bewaargebiede as eetbare materiaal of in die voorbereidings- of verwerkingsgebiede van die fabriek bewaar word nie.

3.2.12.3 *Bewaarfasiliteite vir verpakkingsmateriaal:* Afsonderlike fasiliteite moet vir die bewaring van verpakkingsmateriaal voorsien word en moet droog, vry van stof en enige ander bronne van kontaminasie, en rotdig wees.

3.2.12.4 *Bewaarfasiliteite vir gereedskap en onderdele:* Gereedskap en onderdele wat tydens gebruik met die produk in aanraking kom, moet, as dit nie in gebruik is nie, in 'n ontsmettingsoplossing gehou word of op higiëniese wyse bewaar word in 'n droë gebied wat vry van stof en ander bronne van kontaminasie, en rotdig is.

3.2.12.5 *Bewaarfasiliteite vir giftige en ander skadelike materiaal:* Giftige of skadelike materiaal, met inbegrip van skoonmaakmiddels, ontsmettingsmiddels, saneermiddels, insekdoders en uitrusting vir die aanwending daarvan, moet bewaar word in 'n afsonderlike kamer wat gesluit gehou kan word. Alle materiaal moet opvallende en duidelike etikette hê.

3.2.12.6 *Neweprodukte:* Enige verwerking van neweprodukte en produkte uitgesonderd dié wat deur hierdie spesifikasie gedek word, wat nie vir menslike gebruik bedoel is nie, moet in geboue gedoen word wat fisies so van die fabriek geskei is dat daar geen moontlikheid van kontaminasie van die produk is nie.

3.2.12.7 *Woonkwartiere:* Woonkwartiere moet heeltemal geskei wees van gebiede waar die produk voorberei, verwerk, verpak of bewaar word.

3.2.12.8 *Afval:* 'n Afsonderlike, geskikte afvalfasiliteit moet op die perseel voorsien word.

3.2.12.9 *Geriewe:* 'n Toereikende getal geskikte kleedkamers, storthokkies, handwasbakke waarvan die krane werk soos in 3.2.8 beskryf, spoelklosette (afsonderlik vir elke geslag) en, indien toepaslik, urinale, moet voorsien wees. Geriewe mag nie regstreekse toegang na voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede hê nie.

Genoeg warm en koue lopende water, weggooipapierhanddoeke of warmlugdroërs, naelborsels, toiletpapier en ongeparfumeerde seep of 'n aanneemlike detergentoplossing moet vir werknemers beskikbaar wees.

Daar moet kennisgewings aangebring wees waarin werknemers versoek word om hul hande na gebruik van die spoelkloset met seep of detergent te was. Sluitkassies moet voorsien word en die uitleg en uitrusting moet sodanig wees dat dit behoorlik skoongemaak en in stand gehou kan word. So nie kan 'n beheerde kleremandjiestelsel in plaas van sluitkassies gebruik word. Die geriewe moet in toereikende mate geventileer wees. Kleedkamers mag nie as woonkwartiere gebruik word nie. Eetkamers vir personeel moet afsonderlik van die kleedkamers wees.

3.2.12.10 *Fasiliteite vir die skoonmaak en ontsmetting van draagbare uitrusting:* Behoorlike fasiliteite moet voorsien word vir was en ontsmetting van draagbare uitrusting. Sodanige fasiliteite moet in 'n afsonderlike kamer wees of in 'n aangewese deel van die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede waar daar genoeg warm en koue drinkbare water of versadigde stoom of skoon seewater onder toereikende druk is en waar daar behoorlike dreinering is.

3.2.13 *Spesifieke vereistes vir visvaartuie.*

3.2.13.1 *Algemene oorwegings:* Visvaartuie moet vir die vinnige en doeltreffende hantering van garnale, langoestiene en krappe en vir maklike skoonmaak en ontsmetting ontwerp wees. Alle oppervlakke waarmee die produk in aanraking kan kom, moet ondeurlatend wees en, moet, indien dit prakties uitvoerbaar is, van geskikte korrosiebestande materiaal gemaak wees en maklik skoongemaak kan word en mag geen uitsteeksels of ander eienskappe hê wat die produk kan beskadig as dit daarmee in aanraking kom nie.

Dektenks, penstaanders en skeiplanke moet van geskikte korrosiebestande materiaal gemaak wees. Die getal en hoogte daarvan moet sodanig wees dat daar voorkom word dat die vangs beweeg en plat gedruk word as gevolg van oormatige massa of die skip se beweging en moet sodanig wees dat dit die geraamde vangs kan hou. Dektenks moet klein wees. Indien dit prakties uitvoerbaar is, moet hout 'n oppervlakbedekking van geskikte korrosiebestande materiaal soos veselglas hê of so nie behandel wees om vogindringing te voorkom en dan met geskikte korrosiebestande verf of 'n ander beskermende dekmiddel geverf wees. Metaalwerk uitgesonderd vlekvry- of gegalvaniseerde staal of aluminium moet met korrosiebestande, nie-toksiese verf of 'n ander beskermende dekmiddel geverf wees.

3.2.13.2 *Inneem van seewater en wegdoen van afval:* Dekslange moet van skoon seewater onder toereikende druk voorsien word deur 'n pomp wat slegs vir skoon seewater gebruik word. Die inlaat vir seewater vir die skoonmaak en verkoeling van die produk moet so diep moontlik aan die een kant van die vaartuig geleë wees en die riool- en vuilwaterafvoerder en enjinverkoelingsuitlaat moet so vlak moontlik aan die teenoorgestelde kant van die vaartuig wees.

Die watertoevoerpype en vuilwaterafvoerpype vir die vaartuig se spoelklosette, handwasbakke en kombuisopwasbakke moet groot genoeg wees om spitslaste te dra, moet waterdig wees en mag nie deur ruimtes gaan waar die vangs voorberei, verwerk, verpak of bewaar word nie. Pype vir die toevoer van skoon seewater mag geen tussenverbindings met die verkoelstelsel van die enjin of kondensator hê nie en die konstruksie moet sodanig wees dat enige moontlikheid van terugheweling van die kombuisopwasbakke of spoelklosette af voorkom word.

3.2.13.3 *Bewaarfasiliteite vir die produk:* Skeepsruime of tenks waarin garnale, langoestiene en krappe op ys bewaar word, moet in toereikende mate met geskikte materiaal geïsoleer wees. Enige pype, kettings, of leipype wat deur die ruim gaan, moet, indien moontlik, gelykvlaks ingelaat wees of netjies in kaste ingesluit en geïsoleer wees.

Die voerings van skeepsruime en tenks moet heeltemal waterdig wees. Die isoleerlaag moet deur 'n voering van geskikte korrosiebestande metaalplaat of ander geskikte nie-toksiese materiaal beskerm wees en moet waterdigte lasse hê.

Daar moet 'n doeltreffende dreineerstelsel wees wat die gesmelte water so vinnig soos dit akkumuleer na 'n opvangput kan afvoer. Gebiede waar die vangs voorberei, verwerk, verpak en bewaar word, moet deeglik van ghries, olie, brandstof, hitte, dampe, voedsel vir die bemanning, die enjinkamer en ander bronne van kontaminasie afgeskei wees.

Draagbare borde van geskikte korrosiebestande materiaal moet gebruik word om rakke en vertikale afskortings in die ruime waar die vangs gehou word, aan te bring. Borde vir rakke moet ontwerp wees om toereikende dreinering moontlik te maak. Daar moet toereikende dreineerruimte tussen die laagste rakke of die "vals bodem", en die vloer van die ruim wees. Dié ruimte moet oop wees na 'n sentrale drein wat regstreeks in een of meer opvangputte of putte afvoer en wat so geleë is dat die ruim te alle tye doeltreffend gedreineer kan word.

Lenspompverbindings met dié opvangputte moet growwemaas-filters hê.

3.2.13.4 *Seewater- en pekelbewaartenks.* In vaartuie waarin van 'n stelsel van verkoelde seewater of verkoelde pekel gebruik gemaak word om die vangs te verkil of te bewaar, moet alle tenks, hittewisselaars, pompe en bybehorende pype van geskikte korrosiebestande materiaal gemaak wees of daarmee bedek wees. Hulle moet so ontwerp wees dat hulle 'n toereikende verkoelingsvermoë het en maklik skoongemaak en ontsmet kan word. Die stelsel moet toereikend wees om die temperatuur van die vangs tussen −1 °C en 1 °C te hou. Doeltreffende middele om die koue vloeistof om die massa van die vangs te sirkuleer en suigskerms van toereikende sterkte moet voorsien word.

3.2.13.5 *Watervoorsiening:* Genoeg koue drinkbare water of skoon seewater onder toereikende druk moet op genoeg plekke oral op die visvaartuig beskikbaar wees. Op vaartuie wat ander verwerkingswerk benewens skoonmaak doen, moet warm water by 'n temperatuur van minstens 60 °C vir gebruik beskikbaar wees. Indien dit prakties uitvoerbaar is, moet 'n aanneemlike sterilisasiestelsel (bv. blootstelling aan ultraviolet lig) voorsien word vir die behandeling van seewater wat by die verwerking van die vangs gebruik word.

3.2.13.6 *Fasiliteite vir die lewendige bewaring van krappe:* Tenks en putte wat vir die lewendige bewaring van krappe gebruik word, moet so geplaas, gemaak en belug wees, dat die oorlewing van die krappe verseker word en dat hulle teen beskadiging beskerm word.

3.3 UITRUSTING.

3.3.1 *Algemeen:* Alle installasies, uitrusting en gereedskap wat met die produk in aanraking kom, moet van geskikte korrosiebestaande materiaal wees wat 'n aanneemlike plastiekbedekte oppervlak kan hê en moet verkieslik van vlekvrystaal wees. Hulle moet 'n higiëniese ontwerp hê en moet so gemaak wees dat dit die skoonmaak en sterilisering daarvan en van ruimtes daaronder vergemaklik. Indien nodig, soos in die geval van uitrusting wat nie *in situ* skoongemaak kan word nie, moet die uitrusting vir skoonmaak- en ontsmettingsdoeleindes uitmekaargehaal kan word.

Alle dele van vaste uitrusting of uitrusting wat nie maklik verskuif kan word nie, moet só ver van die mure en plafonne af aangebring wees dat daar toereikende toegang vir skoonmaak- en ondersoekdoeleindes is. Alle permanentgemonteerde uitrusting moet òf hoog genoeg bo die vloer geïnstalleer wees om toegang vir skoonmaak- en ondersoekdoeleindes te verleen òf heeltemal op die vloer verseël wees.

Uitrusting moet verkieslik nie in die vloer ingelaat wees nie, maar indien dit onvermydelik is, moet die uitrusting op aanneemlike wyse geïnstalleer wees. Versonke dele moet goed gedreineer wees. Koper, lood en legerings daarvan, uitgesonderd soldeersel, en ander metaalsoorte wat nadelig vir die gesondheid is, mag nie in die konstruksie van uitrusting gebruik word wat in enige stadium tydens vervaardiging met die rou materiaal of met die onbeskermde produk in aanraking kom nie.

3.3.2 *Tafels:* Geen houttafels mag in voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede gebruik word nie. Rame moet van geskikte korrosiebestaande metaal of staal wees. Die blaaie van voorbereidings- en verpakkingstafels moet van geskikte korrosiebestaande metaal (verkieslik vlekvrystaal) of ander materiaal met soortgelyke oppervlakeienskappe wees. Hulle moet sover moontlik vir vinnige en doeltreffende dreinering voorsiening maak en moet maklik skoongemaak kan word en vry van barste en splete wees. Indien metaalblaaie by die rande gevou is, moet die vou so op doeltreffende wyse gesoldeer, gesweis of met 'n aanneemlike mastiekseëlmiddel verseël wees dat daar voorkom word dat organiese stof en vuiligheid in die gevoude deel indring.

3.3.3 *Snyplanke:* Maklik verwyderbare snyplanke met 'n higiëniese konstruksie, wat van aanneemlike ligkleurige materiaal, uitgesonderd hout, gemaak is en vir gebruik by voedsel geskik is, kan gebruik word.

3.3.4 *Gereedskap:* Rottangmandjies mag nie gebruik word nie. Messe, skoppe, harke en ander gereedskap mag nie handvatsels van hout of ander poreuse materiaal hê nie.

3.3.5 *Ontsmetting- en skoonmaakfasiliteite:* Ontsmettingsfasiliteite vir handskoene en messe moet op gerieflike en aanneemlike plekke beskikbaar wees. Skoonmaak- en ontsmettingsmiddels, warm en koue lopende water of versadigde stoom, waterslange, spuitkoppe, borsels, skrapers en ander uitrusting wat vir die skoonmaak van die visvaartuig, installasies, uitrusting en gereedskap nodig is, moet beskikbaar wees.

3.4 VEREISTES VIR WERKNEMERS WAT BY DIE VOORBEREIDING, VERWERKING EN VERPAKKING VAN DIE PRODUK BETROKKE IS.

3.4.1 *Gesondheid.*

(a) Voordat werknemers aangestel word moet hulle volgens 'n toepaslike mediese ondersoek geskik bevind word en moet daarna jaarliks herondersoek en medies geskik bevind word. By afwesigheid van meer as een dag weens siekte moet die werknemer, voordat hy weer begin werk, die aard van die siekte wat tot die afwesigheid gelei het, aanmeld by die beampte verantwoordelik vir fabriekshigiëne, wat, indien hy dit nodig ag, die toepaslike stappe moet doen om mediese advies oor die werknemer se werkgeskiktheid in te win. 'n Gepaste mediese rekord moet van elke werknemer gehou word.

(b) Elke mediese sertifikaat wat deur 'n fabriekswerker ingedien word, moet ter insae beskikbaar wees vir die owerheid wat hierdie spesifikasie administreer.

(c) Geen persoon wat aan 'n aansteeklike siekte ly of 'n draer van sodanige siekte is, veral draers van *Salmonella-* of *Shigella*-organismes, of wat simptome toon van of ly aan maagdermontsteking of enterobakteriese infeksie of 'n siekte of toestand wat 'n afskeiding van liggaamsvloeistof van enige deel van die vel veroorsaak, mag toegelaat word om met die produk in aanraking te kom nie. Enige sodanige persoon moet hom onmiddellik by die fabrieksbestuur aanmeld.

(d) Geen persoon wat na wete aan 'n siekte ly wat dmv voedsel oorgedra kan word, mag toegelaat word om in enige deel van die fabriek te werk in 'n hoedanigheid waar daar 'n moontlikheid bestaan dat die persoon die produk met patogeniese organismes kan kontamineer nie.

(e) Werknemers wat van verlof terugkeer moet medies ondersoek word vir *Salmonella, Shigella* en *Vibrio* organismes.

(f) Geen persoon wat 'n snywond of besering het, mag toegelaat word om met die produk in aanraking te kom nie, tensy die snywond of besering op so 'n wyse behandel of verbind is dat die afskeiding van liggaamsvloeistof voorkom is en die wond en die verband so bedek is dat daar verseker word dat infeksie of kontaminasie van die produk nie moontlik is nie.

3.4.2 *Beskermende klere:* Alle werknemers wat by die hantering, voorbereiding en verwerking van die produk tot en met die verpakkingstadium betrokke is, uitgesonderd werknemers wat in koelkamers werk, moet skoon, ligkleurige, beskermende klere, waterdigte voorskote, waterdigte skoenbedekkings of stewels en skoon, wasbare of weggooitipe kopbedekkings wat hul hare bedek, dra. Wolmusse mag slegs in koelkamers gedra word. Oorpakke moet die werknemers se persoonlike klere heeltemal bedek. Moue mag nie tot onderkant die elmboë reik nie, tensy hulle deur plastiekoortrekmoue bedek is of in koelkamers gedra word.

Waterdigte beskermende klere moet van plastiek- of rubbermateriaal wees.

Alle beskermende klere moet van higiëniese ontwerp wees, mag geen buitesakke hê nie, moet heel gehou word en mag nie 'n bron van kontaminasie vir die produk wees nie. Beskermende klere, uitgesonderd waterdigte voorskote, oortrekmoue en handskoene, mag nie in werkgebiede gebêre word nie; wanneer dit nie gebruik word nie, moet dit in kleedkamers gehou word en dit mag nie van die perseel af verwyder word nie, behalwe om in higiëniese toestande gewas te word. Na afloop van elke skof moet oorpakke en musse by 'n ontvangkamer ingehandig word om gewas te word en vars gewaste klere moet beskikbaar wees as werkers met die volgende skof begin.

Waterdigte voorskote, oortrekmoue en handskoene moet elke keer as dit afgehaal word en so dikwels as wat nodig is, skoongemaak word en moet tydens werkpouses en gedurende besoeke aan spoelklosette aan hake of penne by die uitgange van werkgebiede opgehang word. Waterdigte voorskote, oortrekmoue en handskoene, asook uitrusting wat by die voorbereiding, verwerking en verpakking van die produk gebruik word, mag nie uit die werkgebiede verwyder word nie, behalwe vir die herstel en skoonmaak daarvan in higiëniese toestande.

3.4.3 *Persoonlike higiëne:* Werknemers moet voordat hulle begin werk en na elke afwesigheid uit die voorbereidings-, verwerkings- of verpakkingsgebied van die fabriek hul hande met warm water en 'n aanneemlike seep of detergentoplossing was en daarna in 'n aanneemlike ontsmettingsmiddel of in 'n mengsel van detergentoplossing en ontsmettingsmiddel doop en laastens in skoon, lopende water afspoel. Naellak of -vernis mag nie op die vingernaels gebruik word nie en naels moet kort en skoon gehou word. Werknemers wat rou materiaal of die onbeskermde produk of albei hanteer, mag nie juweliersware dra nie. Die persoonlike besittings en die kos van werknemers mag nie in enige gebied kom waar die produk en die bestanddele daarvan en verpakkingsmateriaal hanteer of bewaar word nie. Houers wat by die voorbereiding, verwerking of verpakking van die produk gebruik word, mag nie vir enige ander doeleinde gebruik word nie. Die gebruik van kougom of enige vorm van tabak mag nie toegelaat word in die gebiede waar die produk of die bestanddele daarvan en verpakkingsmateriaal hanteer of bewaar word nie. Werknemers mag geen voedsel of drank in dié gebiede berei of verbruik nie. Spoeg mag nêrens op die fabriekspersseel toegelaat word nie.

3.4.4 *Besoekers:* Enige persoon wat die voorbereidings-, verwerkings- of verpakkingsgebiede van die fabriek tydens werkure besoek of binnegaan, moet al die toepaslike higiënevereistes nakom wanneer hy dié gebiede binnegaan en moet skoon, beskermende klere dra wat die fabriek moet verskaf.

3.5 VEREISTES VIR HIGIËNIESE WERK.

3.5.1 *Algemeen:* Met betrekking tot die hantering, vervoer, voorbereiding, verpakking, bevriesing en bewaring van die produk mag geen werksaamhede uitgevoer word of toestande bestaan wat nadelig vir die produk is nie. Rook van fabriekskoorstene mag nie toegelaat word om die fabrieksgebou binne te dring in hoeveelhede of op 'n wyse wat aanstootlik is, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is of in enige stadium van die voorbereiding van die produk kontaminasie kan veroorsaak nie. Voertuie wat uitlaatdampe afgee, mag nie gebruik word in enige gebied waar die onverpakte produk blootgestel is nie.

3.5.2 *Skoonmaak, ontsmetting en herstelwerk:* Die gebou, perseel, installasies, uitrusting, gereedskap en alle ander fisiese fasiliteite van die fabriek moet skoon en in 'n goeie toestand en netjies en higiënies gehou word. Die skoonmaak en ontsmetting van die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede van fabrieke en alle hulpuitrusting en gereedskap moet op 'n gereelde grondslag georganiseer wees en deur opgeleide werknemers uitgevoer word. Tydens produksietydperke moet die vloere en afvoerkanale in die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede skoon gehou word deur dit gereeld te vee en met water af te spoel. Afval moet nie toegelaat word om in afvoerkanale op te hoop nie. Vloere en afvoerkanale moet so dikwels as wat nodig is en na afloop van elke dag se produksie deeglik skoongemaak word ten einde higiëniese toestande te handhaaf. Voetbaddens moet gereeld gedreineer en skoongemaak word en die ontsmettingsmiddel moet in 'n aktiewe toestand gehou word.

Die mure van die voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingsgebiede moet, waar nodig, onmiddellik na elke dag se werksaamhede deeglik gewas word en die kamers moet so stofvry moontlik gehou word. Elke keer as instandhoudings- of herstelwerk in produksiegebiede gedoen is, moet die gereedskap en die uitrusting wat vervang is, onmiddellik uit die produksiegebiede verwyder word en moet die uitrusting waaraan gewerk is, deeglik skoongemaak en ontsmet word.

In die gebiede waar die produk vervoer, voorberei, verwerk of verpak word, mag sweisherstelwerk slegs as noodmaatreël by onklaarraking en op so 'n wyse uitgevoer word dat die produk nie aan die sweisdampe blootgestel word nie.

Skoonmaak- en ontsmettingsmiddels en -uitrusting mag nie in 'n kamer bewaar word waar uitrusting vir die hantering van voedsel bewaar word nie en mag nooit met rou materiaal, die produkte of die houers of verpakkings daarvan in aanraking kom nie.

Installasies, uitrusting en gereedskap moet voordat dit gebruik word, deeglik met 'n detergent of ander skoonmaakmiddel skoongemaak en indien toepaslik ontsmet word. 'n Oplossing wat beide detergent en ontsmettingsmiddel bevat, kan gebruik word.

Onmiddellik voordat daar met werksaamhede begin word, moet uitrusting so afgespoel word met water wat aan die vereistes van 3.2.11.3 voldoen, dat stof en, indien toepaslik, die ontsmettingsmiddel verwyder word.

Die voorbereidings- en verwerkingstelsels moet tydens elke produksie-onderbreking wat langer as 1 uur duur, afgespoel word en moet na afloop van elke skof en na afloop van elke dag se werksaamhede doeltreffende skoongemaak word. Hulle moet skoon wees as hulle weer gebruik word. Handskoene, messe en soortgelyke uitrustingsitems moet gedurende produksie-onderbrekings, na gebruik en wanneer sterilisasie ook al nodig is, deeglik skoongemaak word en dan met versadigde stoom, gechloreerde water of met 'n ander aanneemlike ontsmettingsoplossing of volgens 'n ander aanneemlike ontsmettingsprosedure ontsmet word. Alle ontlaaistelsels by die kaai en vervoerstelsels na die fabriek, met inbegrip van hysers, moet voor sowel as na gebruik skoongemaak word. Tenks vir lewendige bewaring moet op soortgelyke wyse behandel word. As die fabriek in werking is, mag uitrusting en gereedskap nie uit die werkgebied verwyder word nie, behalwe vir herstelwerk, skoonmaak en vervanging.

3.5.3 *Skoonmaakdoeltreffendheid:* Die doeltreffendheid van 'n skoonmaak- en ontsmettingsproses in 3.5.2 gespesifiseer, moet sodanig wees dat, by monsters wat volgens 10.14.2 van minstens 15 verteenwoordigende gebiede, elke ongeveer 10 cm^2 groot, van die installasie, uitrusting en gereedskap geneem word, die persentasie skoonmaak- en ontsmettingsdoeltreffendheid in die monster, volgens 10.14.3 bepaal, sodanig is dat dit aanneemlik is as punte volgens die stelsel in 10.14.3.2 toegeken word.

Doeltreffende maatreëls moet getref word om skimmelgroei te strem en stof, verf wat afskilfer en anders los of verwyderbare materiaal wat moontlik in voorbereidings-, verwerkings-, verpakkings- en bewaargebiede van mure, plafonne en oorhoofse strukture af op die produk kan val, te verwyder.

3.5.4 *Houers:* Houers wat heeltemal of gedeeltelik met rou materiaal of die produk gevul is, moet nie so opmekaar gestapel word dat die inhoud van 'n houer met die boom van die houer wat daarop gestapel is, in aanraking kan kom nie. Houers mag nie regstreeks op die vloer of teen die muur opgestapel word nie. Wanneer hulle verskuif word, moet hulle op doeltreffende wyse teen kontaminasie beskerm word.

3.5.5 *Toedraaimateriaal:* Toedraaimateriaal wat by verpakking gebruik word, moet in korrosiebestande houers met 'n higiëniese konstruksie gehou en uitgedeel word.

3.5.6 *Onderdele:* Onderdele vir masjinerie en ander items wat die produk kan kontamineer, moet weg van die voorbereidings- en verwerkings- en verpakkingsgebiede bewaar word.

3.5.7 *Vrieskamers, verkilkamers, koelkamers en uitrusting:* Vrieskamers, verkilkamers, koelkamers en uitrusting moet doeltreffend werk en moet 'n skoon en higiëniese toestand gehou word. Die temperatuur in koelkamers moet outomaties en deurlopend gemoniteer word en daar moet 'n rekord van die temperatuur gehou word en dit moet vir ondersoek beskikbaar wees. Produkte mag nie regstreeks op die vloer of teen mure opgestapel word nie. In produksielotvrieskamers, uitgesonderd plaat- of pekelbevriesingsfasiliteite, moet produkte so opgestapel word dat lugsirkulasie tussen pakkette nie belemmer word nie. Geen materiaal uitgesonderd die produk of produkbestanddele mag in vrieskamers en koelkamers bewaar word nie.

3.5.8 *Afvalverwydering:* Rommel, afval en oorloop moet op doeltreffende en higiëniese wyse uit die weg geruim word. Dit moet nie toegelaat word om op te hoop nie. Afvalkamers moet daagliks skoongemaak en ontsmet word.

3.5.9 *Plaagbeheer:* Alle geboue waarin rou materiaal, bestanddele en die produk bewaar word of waarin die produk hanteer, voorberei, verwerk of verpak word, moet vry van vlieë, knaagdiere en ander ongediertes gehou word.

3.5.10 *Die gebruik van plaagdoders:* Plaagdoders mag nie in die werkgebiede gebruik word terwyl voorbereiding, verwerking en verpakking aan die gang is nie en daar moet voorsorgmaatreëls getref word om te verseker dat uitrusting en werkoppervlakke vry van plaagdoderresidu's gehou word. Daar mag onder geen omstandighede toegelaat word dat plaagdoders met verpakkingsmateriaal, houers, rou materiaal of die produk in aanraking kom nie. Die kamer waarin plaagdoders bewaar word, moet gesluit gehou word en die materiaal daarin mag slegs hanteer word deur werknemers wat in die gebruik daarvan opgelei is.

3.5.11 *Diere:* Diere, met inbegrip van voëls, mag in geen deel van die fabriek toegelaat word nie.

3.5.12 *Werksaamhede aan boord van visvaartuie:* Hantering, verwerking, verkilling, verpakking en bevriesing van die produk aan boord van die visvaartuig moet, indien dit prakties uitvoerbaar is, in dieselfde higiëniese toestande geskied wat vir die prosedures en praktyke in aanlêe aan wal geld. Voordat 'n produk aan boord kom en tussen vangste moet die dekke, dektenks, penstaanders en skeiplanke en alle ander dekuitrusting wat met die produk in aanraking sal kom, met skoon seewater afgespuit en geskrop word om alle sigbare vuiligheid en afval te verwyder. Gedurende visvaarte moet die opvangput in die ruim van die vaartuig gereeld gedreineer word. Dooie eenhede van die vangs en organiese materiaal moet na elke vangs uit die visgerei en valle verwyder word. Alle gereedskap moet na afloop van die visvangs deeglik skoongemaak word.

Visvaartuie moet deeglik skoongemaak en ontsmet word onmiddellik nadat die vrag afgelaai is.

Indien lewendige krappe in tenks vol skoon seewater gehou word, moet die water belug en gesirkuleer word deur dit van die boom na die bokant van die tenk te pomp. Die waterwisselingstempo moet minstens vier maal per uur wees.

Indien verkoelde seewater gebruik word om produkte uitgesonderd lewendige krappe te hou of te verkil, mag slegs skoon seewater gebruik word en moet die water so dikwels moontlik vervang word om te voorkom dat kontaminerende materiaal ophoop.

3.6 DIE HANTERING, VOORBEREIDING, VERWERKING, VERPAKKING EN VERVOER VAN DIE PRODUK.

3.6.1 *Algemeen:* Van die tydstip dat die vangs aan boord kom en tydens voorbereiding, verwerking, verpakking, vervoer en bewaring, moet die produk teen hitte, regstreekse sonstrale, ryp, uitdroging deur wind en kontaminasie deur voëls, stof, olie, brandstof en skadelike dampe beskerm word.

Sodra die vangs aan boord gebring word, moet die produk van die lewevangs geskei en in skoon houers geplaas word. Die houers moet op 'n geskikte bedekte plek geplaas word en verkil gehou word by 'n temperatuur wat nooit 10 °C mag oorskry nie. Garnale en langoestiene, en krappe wat gekook gaan word, moet met skoon seewater gewas word. Krappe mag hoogstens 7 dae lank lewendig bewaar word.

3.6.2 *Garnale en langoestiene:* Die verwydering van die koppe van garnale en langoestiene moet, indien dit prakties uitvoerbaar is, op see geskied. Afgedopte garnale en langoestiene moet ondersoek word en enige oorblywende stukkies doppe, voelers, ingewande, kraakbeen en ander dele van die uitwendige skelet moet verwyder word. Die afgedopte vleis moet deeglik gewas word en onmiddellik verpak en snelbevries word.

Indien garnale en langoestiene ter see gekook word, moet dit met die minimum vertraging gedoen word. Gekookte garnale en langoestiene, hetsy afgedop of onafgedop, moet onmiddellik verkoel word sonder dat dit regstreeks met ys of smeltende yswater in aanraking kom en daarna verpak word en binne 1 uur na verpakking snelbevries word.

3.6.3 *Krappe:* Indien krappe nie lewendig aan wal gebring kan word nie, moet hulle verwerk word sodra hulle op die dek van die visvaartuig kom. Die krappe moet gewas word en òf heel bevries word òf hulle moet geslag word, die rugdoppe moet verwyder word, hulle moet in snitte gedeel word en die vleis moet, indien dit vereis word, uitgehaal word. Nadat hulle geslag is, moet enige oorblywende ingewande en kieue verwyder word deur hulle te borsel en te was. Indien hulle op see bevries word, moet die snitte, dele en vleis van die krap gewas, halfgaar gekook en in water afgekoel word en dan in belugte houers verpak word en binne 1 uur na verpakking snelbevries word. Lopende, skoon seewater kan vir die was, halfgaarkook en verkoeling van die produk gebruik word, mits die seewater ver buite die hawegebied en in 'n onbesoedelde deel van die see ingeneem word.

3.6.4 *Ontdooiing en verdere verwerking:* Wanneer die bevriesde produk vir verdere verwerking ontdooi word, mag dit nie aan omgewingstemperature wat 18 °C oorskry blootgestel word nie. Ontdooiing moet so vinnig moontlik geskied en moet binne 20 uur afgehandel wees. Tensy daar onmiddellik na volledige ontdooiing met die verwerking en verpakking van die produk begin word, moet daar onmiddellik begin word om die ontdooide produk tot 0,5 °C te verkil en moet bevriesing 'n aanvang neem binne 8 uur nadat die ontdooiingsproses afgehandel is.

3.6.5 *Vervoer ter see:* Vir langafstandvervoer moet die vangs nie in oormatige groot houers gelaai word waarin dit beskadig kan raak nie. Indien krappe lewendig vervoer word, moet slegs gesonde krappe uitgesoek word. Lewendige krappe in sakke, kiste of hokke moet by 'n temperatuur van ongeveer 5 °C vervoer word. Krapsnitte, -dele en -vleis wat ter see op ys gehou word, moet verkil word onmiddellik nadat die krappe geslag is en moet vir die duur van die vaart so naby moontlik by die temperatuur van smeltende ys gehou word (deur die ys aan te vul, indien nodig).

3.6.6 *Pad- en spoorvervoer:* Pad- en spoorvervoer van die produk mag slegs in toe, geïsoleerde of verkoelde voertuie geskied. Daar moet toereikende voorsorgmaatreëls getref word om fisiese beskadiging van die produk, bv as gevolg van druk of beweging tydens vervoer, te voorkom.

4. VEREISTES VIR DIE PRODUK.

4.1 TOESTAND VAN BESTANDDELE.

4.1.1 *Algemeen:* Alle bestanddele en bymiddels wat gebruik word, moet binne bestek van en aan die vereistes voldoen van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972), en enige regulasie wat daarkragtens uitgevaardig is. Alle bestanddele en bymiddels wat by die voorbereiding van die produk gebruik word, moet skoon, goed, van goeie kwaliteit en in elke opsig geskik vir menslike gebruik wees.

4.1.2 *Die produk voor bevriesing:* Garnale, langoestiene en krappe wat bevries gaan word, moet vry wees van agteruitgang en moet 'n kenmerkende vars voorkoms, kleur en reuk hê.

4.1.3 *Die bevrore produk:* By ontdooiing moet die bevrore produk skoon wees, 'n aantreklike, kenmerkende voorkoms hê en in elke opsig ongeskonde en vry van defekte wees. Byreuke en ander aanduidings van agteruitgang of van die gebruik van rou materiaal van minderwaardige kwaliteit mag nie aanwesig wees nie en die produk moet vry wees van vreemde stowwe, vreemde reuke en van verkleuring. Die geur van die gaar produk, hetsy rou of gekook verpak, moet normaal en tipies van die spesie wees. Die tekstuur van die gaar produk, hetsy rou of gekook verpak, moet stewig, veerkragtig en kenmerkend van die betrokke spesie wees.

4.2 FISIESE VEREISTES.

4.2.1 *Netto massa:* Volgens onderskeidelik 8.1 en 8.2 bepaal, moet die netto massa van 'n bevrore produk en die netto massa van 'n geglaseerde produk aan die toepaslike vereiste van die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973), voldoen.

4.2.2 *Garnaalgehalte van garnale wat in broodkrummels of beslag gedoop is:* Volgens 8.3 bepaal, moet die garnaalgehalte van garnale wat in broodkrummels of beslag gedoop is, meer as 50 % van die verklaarde netto massa van die inhoud van die pakket wees.

4.3 CHEMIESE VEREISTES: Volgens 9.1, 9.2 en 9.3 getoets, moet die produk aan die toepaslike vereistes van die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972, voldoen.

4.4 MIKROBIOLOGIESE VEREISTES: Volgens die metodes aangegee in kolom 4 van Tabel 1 getoets, moet die produk aan die vereistes in kolom 2 of 3, soos toepaslik voldoen.

TABEL 1

MIKROBIOLOGIESE VEREISTES

1	2	3	4
Organismes	Gehalte per gram, maks*		Toetsmetode-onderafdeling
	Gekookte produkte	Rou produkte	
Standaardplaattelling	20 000	1 000 000	10.6
Kolivorme organismes	100	500	10.7
Fekale kolivorme bakterieë	Nul	10	10.8
Staphylococcus aureus	Nul	10	10.9
Salmonella	Nul	Nul	10.10
Shigella	Nul	Nul	10.11
Patogeniese klostridia	Nul	Nul	10.12
Vibrio cholerae	Nul	Nul	10.13
V. parahaemolyticus	Nul	Nul	10.13

* Die produk moet ook voldoen aan al die ander toepaslike vereistes wat kragtens die geldende Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972, voorgeskryf is.

4.5 AANBIEDING.

4.5.1 *Garnale (steurgarnale):* Garnale moet voorberei en verpak wees vir aanbieding in een van die volgende vorms:

(a) *Heel:* Kopborsstuk (kop), dop en stertwaaiers ongeskonde.
(b) *Koploos:* Kopborsstuk verwyder, dop en stertwaaiers ongeskonde.
(c) *Koploos en ontderm:* Kopborsstuk verwyder, rug oopgesny en die aar verwyder, dop en stertwaaiers ongeskonde.
(d) *Afgedop en ontderm (stertwaaiers ongeskonde):* Kopborsstuk en derm verwyder en dop tot by die laaste segment verwyder, dws die dop op die laaste segment en die stertwaaiers moet aanwesig wees (waaierstertgarnale).
(e) *Afgedop en ontderm (stertwaaiers verwyder):* Soos in (d) hierbo, maar met die hele dop en die stertwaaiers ook verwyder.
(f) *Garnale in broodkrummels of beslag:* Soos in (d) of (e) hierbo.
(g) *Stukke.*
(h) *Alle aanneemlike vorms van aanbieding.*

4.5.2 *Langoestiene:* Langoestiene moet voorberei en verpak wees vir aanbieding in een van die volgende vorms:

(a) *Heel:* Kopborsstuk (kop), dop en stertwaaiers ongeskonde.
(b) *Koploos:* Kopborsstuk verwyder, dop en stertwaaiers ongeskonde.
(c) *Afgedop (stertwaaiers ongeskonde):* Kopborsstuk verwyder en dop tot by die laaste segment verwyder, dws die dop op die laaste segment en die stertwaaiers moet aanwesig wees.
(d) *Ander aanneemlike vorms van aanbieding.*

4.5.3 *Krappe:* Krappe moet voorberei en verpak wees vir aanbieding in een van die volgende vorms:

(a) *Heel krap.*
(b) *Krapsnitte.*
(c) *Krapvleis.*
(d) *Pootvleis.*
(e) *Korrelvleis.*
(f) *Ander aanneemlike vorms van aanbieding.*

5. VERPAKKING, GLASERING, GRADERING, BEVRIESING EN BEWARING.

5.1 VERPAKKINGSMATERIAAL EN HOUERS.

5.1.1 *Pakkette:* Tensy die produk geglaseer word, moet dit verpak word in materiaal met 'n lae vog- en suurstofdeurlatendheid. Verpakkingsmateriaal moet nuut, skoon, nie-toksies en inert wees en moet 'n lae waterdampdeurlatendheid hê. 'n Korrekte beskrywing van die produk moet op pakkette aangebring wees (kyk 6.1).

5.1.2 *Houers:* Slegs veselbord- of ander aanneemlike houers mag gebruik word. Die houers moet skoon en heel wees en moet netjies toegemaak en met draad of band vasgebind wees. Houthouers mag nie van groenhout gemaak wees nie en mag geen stof bevat wat skadelik vir die produk of nadelig vir die gesondheid is nie. Houers moet so toegemaak wees dat kontaminasie van die inhoud deur stof of ander vreemde stowwe voorkom word.

5.2 GLASERING: Die produk kan afsonderlik of in grootmaat geglaseer word. As die produk geglaseer word, moet die yslaag die produk heeltemal bedek om te verseker dat ontwatering en oksidasie tot die minimum beperk word. Die water wat vir glasering gebruik word, moet aan die vereistes vir drinkbare water (kyk 3.2.11.1) voldoen en die temperatuur daarvan mag nie 5 °C oorskry nie.

5.3 GRADERING: Die produk moet volgens massa gegradeer word en moet binne sodanige kategorieë val as wat aanneemlik en in ooreenstemming met handelsvereistes is. Indien toepaslik, moet die getal eenhede in ooreenstemming met die verklaring op die houer wees. By visuele ondersoek moet die eenhede in aanneemlike mate eenvormig van grootte wees. Die massa van elke eenheid, uitgesonderd die glaseersel in die geval van

geglaseerde produkte, moet sover doenlik in elke kategorie binne die massabestek val wat verkry word as die som van die verklaarde netto massa van die betrokke verpakkingseenheid deur die ooreenstemmende maksimum en minimum getal eenhede gedeel word.

5.4 BEVRIESING: Die produk moet binne een uur na verpakking aan die bevriesings- of die snelbevriesingsproses onderwerp word.

5.5 BEWARING: Die produk moet by 'n temperatuur wat nie −18 °C oorskry nie bewaar word en tot en met inbegrip van die finale verkooppunt by dié temperatuur gehou word. Indien die temperatuur van die produk te eniger tyd tydens bewaring bo dié temperatuur styg, moet dit vinnig afgebring word tot −18 °C. Indien dit bo −7 °C styg, moet die produk daarbenewens weer aangebied word vir ondersoek deur die owerheid wat hierdie spesifikasie administreer. In die koelkamer mag daar geen toestand heers of voorwerp of stof aanwesig wees wat die smaak of voorkoms van die bevrore produk in enige opsig kan aantas nie. Die produk moet weg van die vloer en mure bewaar word op so 'n wyse dat lugvloei nie belemmer word nie.

Die praktiese bewaarduur van die produkte in optimale hanterings-, voorbereidings-, verwerkings- en verpakkingstoestande word in tabel 2 aangegee. Enige produk wat langer as die toepaslike tydperk bewaar word, is onderhewig aan herondersoek na goeddunke van die owerheid wat hierdie spesifikasie administreer.

TABEL 2

PRAKTIESE BEWAARDUUR

1	2	3	4
Produk	Bewaarduur, maande		
	Bewaartemperatuur		
	−18 °C	−25 °C	−35 °C
Langoestiene en garnale	6	12	15
Langoestiene en garnale, vakuumverpak	8	18	24
Krapvleis, rou	6	12	15
Heel krap, gekook	8	18	24
Heel krap, rou	6	12	15

6. MERKE.

6.1 MERKE OP PAKKETTE: Behalwe soos volgens 6.4 toegelaat, moet die volgende besonderhede leesbaar en onuitwisbaar en in ooreenstemming met 6.2 op elke pakket aangebring wees in druk wat so groot en so uiteengesit is soos voorgeskryf in die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972, en die Wet op Handelsmetrologie, 1973:

(a) Die naam en volledige straatadres van die fabrikant, produsent, eienaar of beherende maatskappy of, in die geval van houers wat vir 'n ander persoon of organisasie verpak is, die naam en volledige straatadres van dié persoon of organisasie;

(b) 'n juiste beskrywing van die produk, met inbegrip van die naam van die produk en die vorm waarin die inhoud aangebied word. Hierbenewens, indien die persoon of organisasie in (a) hierbo genoem aldus verlang, in die geval van 'n snelbevrore produk (kyk 2.1), die woorde "Snelbevrore". Die naam of aanwysing wat by die etikettering van die produk gebruik word, mag nie misleidend wees nie. Die voorbereidingsmetode en die vorm waarin die inhoud aangebied word, moet in ooreenstemming met die beskrywing op die etiket of verpakking wees. Indien toepaslik, moet die beskrywing in ooreenstemming wees met die toepaslike beskrywing in 4.5 aangegee;

(c) indien toepaslik, 'n lys van die bestanddele in dalende inhoudvolgorde;

(d) 'n verklaring dat die produk gekook of rou is, soos toepaslik, en bewaaraanwysings, soos volg aangegee:

Rou — Hou bevrore

Halfgaargekook — Hou bevrore

Gekook — Hou bevrore

(e) in die geval van produkte wat vir verkoop in die Republiek en Suidwes-Afrika bedoel is, die netto massa van die inhoud;

(f) die land van oorsprong;

(g) indien toepaslik, gebruiksaanwysings;

(h) enige etikettering wat spesifiek volgens regulasie vereis word;

(i) die datum van vervaardiging en die identiteit van die fabriek waarin die produk verpak is. Die gebruik van 'n kode is toelaatbaar mits die verklaring van die kode aan die owerheid wat hierdie spesifikasie administreer, verstrek word.

6.2 ETIKETTE.

6.2.1 Die besonderhede wat volgens 6.1 vereis word, moet op die pakket of op die buite-omhulsel wat die pakket bedek of op 'n etiket van aanneemlike materiaal wat aan die pakket bevestig is of, in die geval van 'n meesterkarton, in die karton ingesluit is, gedruk wees.

6.2.2 Etikette op pakkette moet skoon en netjies wees en stewig bevestig wees. Hulle mag nie bo-oor ander etikette of oor woorde wat regstreeks op die pakkette gedruk is, aangebring wees nie. Hulle mag deur geen ander persoon as die fabrikant of sy gemagtigde agent aangebring word nie.

6.2.3 Etikette en seëlkleefmiddels wat in die bewaartoestande van die verpakte produk aan verswakking onderhewig is, mag nie gebruik word nie.

6.3 MERKE OP HOUERS: Houers moet skoon, netjies en heel wees en die getal pakkette daarin en die grootte of netto massa van die pakkette, asook die besonderhede volgens 6.1(a) en (b) vereis, moet op elke houer (karton, doos, ens.) gedruk of gesjabloneer wees, behalwe dat die straatadres van die fabrikant nie volledig hoef te wees nie, maar voldoende vir identifiseringsdoeleindes moet wees. Die voorbereidingsmetode hoef nie op die pakket aangegee te word nie.

Die datum van verpakking en die produksielotnommer (indien toepaslik) moet op die houer of op 'n etiket wat stewig aan die houer bevestig is of op 'n verpakkingstrokie wat in die houer geplaas is, gestempel of op 'n ander wyse onuitwisbaar aangebring wees.

'n Kode kan vir die verpakkingsdatum gebruik word, mits die verklaring aan die owerheid wat hierdie spesifikasie administreer, verstrek word.

6.4 MERKE OP HOUERS VIR UITVOER: Houers vir uitvoer na ander lande moet volgens die vereistes van die invoerland gemerk wees en kan anders gemerk wees as in 6.1 en 6.3 vereis, mits daar nie gepoog word om 'n vals voorstelling van die inhoud te gee nie.

7. AFLEWERING EN ONDERSOEK.

7.1 ALGEMEEN. Die vereistes van 7.2 en 7.3 is onderworpe aan die vereistes van toepaslike statutêre wette en regulasies.

7.2 AFLEWERING.

7.2.1 *Algemeen:* Die aflewering van bevrore produkte moet in higiëniese toestande geskied.

7.2.2 *Aflewering vir uitvoer:* Die bevrore produk vir uitvoer moet by 'n temperatuur wat nie −18 °C oorskry nie van die fabriek na die verkoelingsdepot vervoer word en in die vaartuig waarin dit vervoer gaan word se koelkamers afgelewer word. Indien die temperatuur van die produk te eniger tyd gedurende sodanige vervoer −18 °C oorskry, moet die produk so gou moontlik tot die vereiste temperatuur teruggebring word. Die produk moet herondersoek word indien die temperatuur −7 °C oorskry het.

7.2.3 *Aflewering vir plaaslike verkoop:* Die bevrore produk vir plaaslike verspreiding moet in verkoelde of geïsoleerde vragwaens van die fabriek of verkoelingsdepot na die kleinhandelsplek vervoer word. Die temperatuur van die produk mag nie tydens plaaslike vervoer −18 °C oorskry nie, behalwe by die buiteoppervlakke van 'n stapel. Verkoelde vragwaens moet minstens een termometer hê wat so aangebring is dat dit van buite afgelees kan word.

7.3 ONDERSOEK VIR UITVOER: Indien daar rede tot twyfel oor die temperatuurgeskiedenis of kwaliteit van die bevrore produk bestaan, moet dit vir ondersoek aangebied word by die verkoelingsdepot vanwaar dit vir uitvoer verskeep sal word. Kennis van voorneme om uit te voer, moet vroegtydig voor die verwagte datum van verskeping gegee word. Produkte wat nie vir uitvoer aangeneem word nie, moet eenkant gehou en duidelik geïdentifiseer word as dit saam met produkte wat vir uitvoer goedgekeur is, in koelkamers gehou word. Die bevrore produk moet op die plek van verskeping vir herondersoek aangebied word indien daar twyfel oor die temperatuurgeskiedenis daarvan onstaan terwyl dit op verskeping wag.

8. METODES VIR FISIESE ONDERSOEK.

8.1. BEPALING VAN DIE NETTO MASSA VAN 'N BEVRORE PRODUK (UITGESONDERD HEEL KRAP).

8.1.1 Verwyder, onmiddellik nadat die pakket uit die koelkamer gehaal is, alle ys wat aan die buitekant van die pakket kleef en bepaal die bruto massa van die onoopgemaakte pakket.

8.1.2 Maak die pakket oop en haal die inhoud uit. Was, droog en weeg die verpakkingsmateriaal. Teken die verskil tussen die bruto massa (kyk 8.1.1) en die massa van die verpakkingsmateriaal as die netto massa van die bevrore produk aan.

8.2 BEPALING VAN DIE NETTO MASSA VAN 'N GEGLASEERDE PRODUK.

8.2.1 Haal die produk uit die pakket onmiddellik nadat dit uit die koelkamer gehaal is.

(a) Plaas die inhoud in die geval van 'n rou produk in 'n houer waarin vars drinkbare water by kamertemperatuur van onder af ingelaat word teen 'n vloeitempo van ongeveer 25 ℓ/min.

(b) Plaas die produk in die geval van 'n gaar produk in 'n houer wat 'n hoeveelheid vars drinkbare water, by 'n temperatuur van 27 °C, gelyk aan agt maal die verklaarde massa van die produk bevat. Laat die produk in die water totdat al die ys gesmelt het. Indien die produk blokbevries is, draai die blok 'n paar maal tydens ontdooiing om. Bepaal die tydstip waarop ontdooiing afgehandel is, deur die blok versigtig uitmekaar te druk.

8.2.2 Weeg 'n skoon, droë sif met 'n nominale openinggrootte van 2,8 mm en 'n diameter van—

(a) 200 mm, indien die massa van die totale inhoud van die pakket nie 500 g oorskry nie; of

(b) 300 mm, indien die massa van die totale inhoud van die pakket meer as 500 g is.

8.2.3 As al die glaseersel wat gesien of gevoel kan word, verwyder is en die eenhede maklik van mekaar geskei kan word, gooi die inhoud van die houer [kyk 8.2.1(a) of (b), soos toepaslik] in die geweegde sif. Hou die sif teen 'n hoek van ongeveer 20° en laat dit presies 2 minute lank dreineer.

8.2.4 Weeg die sif wat die gedreineerde produk bevat. Trek die massa van die sif van dié waarde af en teken die resultaat as die netto massa van die geglaseerde produk aan.

8.3 BEPALING VAN DIE GARNAALGEHALTE VAN GARNALE WAT IN BROODKRUMMELS OF BESLAG GEDOOP IS: Bepaal die massa (m_0) van die inhoud van die pakket terwyl dit nog hardbevrore is. Plaas elke eenheid in die pakket in 'n waterbad wat by 47–49 °C gehou word en laat die eenhede in die water totdat al die broodkrummels of beslag (soos toepaslik) sag word en maklik met 'n rondepuntspatel met 'n lem van 100 mm of met 'n tafelmes van die nog bevrore garnale afgehaal kan word.

OPM: Dit mag nodig wees om verskeie voorlopige toetse te doen om die optimale indompeltyd vir die verwydering van die broodkrummels of beslag van die eenhede in 'n pakket te bepaal.

Haal die eenhede uit die bad en druk hulle liggies met papierhanddoeke droog. Skraap die broodkrummels of beslag met die spatel van die garnale af. Indien dit moeilik is om die laag van 'n eenheid af te haal, dompel die eenheid weer tot 5 sekondes lank in die waterbad en verwyder die res van die laag.

OPM: Die maksimum toegelate indompeltyd in die water is 15 sekondes.

Bepaal die massa (m_1) van al die eenhede waarvan die broodkrummels of beslag verwyder is en bereken die persentasie garnale in die pakket aan die hand van die volgende formule:

$$\text{Garnale in pakket, } \%(m/m) = \frac{m_1}{m_0} \times 100$$

9. METODES VIR CHEMIESE ONTLEDING.

9.1 BEPALING VAN ASKORBIENSUURGEHALTE.

9.1.1 *Reagense.*

(a) *Glasgedistilleerde water.*

(b) *Ekstraheeroplossing van metafosforsuur (HPO_3) en asynsuur.* Los, deur dit te skud, 15 g HPO_3-korrels of pas verpoeierde HPO_3-stokkies in 40 mℓ ysasynsuur (*d* by 25 °/25 °C = 1,05) en 200 mℓ van die water op en filtreer vinnig deur 'n papiertregter in 'n bottel met 'n glasprop.

OPM: HPO_3 hidroliseer geleidelik tot ortofosforsuur (H_3PO_4), maar as dit in 'n koelkas bewaar word, bly die oplossing 7–10 dae lank bevredigend.

(c) *Askorbiensuurstandaardoplossing, 1 mg/m·.* Weeg noukeurig 50 mg askorbiensuur uit wat in 'n desikkator weg van direkte sonlig bewaar is en plaas dit kwantitatief in 'n 50-mℓ-volumetriese fles oor en verdun tot by die volumemerk.

OPM: Berei 'n vars oplossing onmiddellik voor elke stel toetse.

(d) *Indofenolstandaardoplossing.*

(1) Los 50 mg van die natriumsout van 2,6-dichloorfenol (indofenol) wat weg van direkte sonlig in 'n desikkator oor nutronkalk bewaar is, in 50 mℓ water op wat 42 mg natriumbikarbonaat bevat. Skud heftig en plaas dit, as die sout opgelos is kwantitatief in 'n 200-mℓ-volumetriese fles oor en verdun tot by die volumemerk met water. Filtreer deur 'n papiertregter in 'n amberkleurige bottel met 'n glasprop. Hou toegeprop, weg van direkte sonlig, en bewaar in 'n koelkas.

OPM: Ontbindingsprodukte wat die omslagpunt onduidelik maak, kom in sekere produksielotte droë indofenol voor en ontwikkel ook mettertyd in bogenoemde standaardoplossing. Toets die indofenoloplossing onmiddellik na bereiding en met tussenpose van een week soos volg:

Voeg 5,0 mℓ van die ekstraheeroplossing [kyk (b) hierbo] wat 'n oormaat askorbiensuur bevat by 15 mℓ van die indofenol-oplossing. Indien die gereduseerde oplossing nie bykans kleurloos is nie, gooi die ou indofenoloplossing weg, berei 'n vars standaardoplossing en toets weer. Indien die soliede indofenol foutief is, verkry 'n nuwe voorraad.

(2) Plaas drie 2,0-mℓ-deelvolumes van die askorbiensuur-standaardoplossing oor in elk van drie 50-mℓ-Erlenmeyerflesse wat 5,0 mℓ van die ekstraheeroplossing [kyk (b) hierbo] bevat. Titreer vinnig met die indofenolstandaardoplossing uit 'n 50-mℓ-buret totdat 'n ligte maar duidelike roospienk kleur minstens 5 sekondes lank voorkom. (Elke titrasie verg gewoonlik 15 mℓ indofenoloplossing en titers moet binne 0,1 mℓ ooreenstem.) Titreer op dieselfde wyse drie kontroleoplossings wat elk bestaan uit 7,0 mℓ van die ekstraheeroplossing plus 'n volume water wat ongeveer gelyk is aan die volume indofenoloplossing wat by die titrering van die askorbiensuuroplossing gebruik is en bepaal die gemiddelde kontroletiter (gewoonlik ongeveer 0,1 mℓ). Korrigeer die standaardiseringstiters deur die gemiddelde kontroltiter van elk af te trek en bereken die ekwivalente askorbiensuur, in milligram, van 1,0 mℓ van die indofenolstandaardoplossing. Standaardiseer die indofenoloplossing daagliks teen 'n vars bereide askorbiensuurstandaardoplossing.

9.1.2 *Bereiding van toetsoplossing van die monster:* Snipper die monster fyn en plaas 'n gepaste hoeveelheid, waarvan die massa noukeurig bepaal is, in 'n vermenger. Voeg 'n gepaste volume van die ekstraheeroplossing by en meng liggies totdat 'n eenvormige suspensie verkry is. Verdun met die ekstraheeroplossing tot 'n bepaalde volume V_2, in milliliter, en meng deeglik.

9.1.3 *Prosedure:* Titreer drie deelvolumes van die toetsoplossing, wat elk ongeveer 2 mg askorbiensuur bevat, met die indofenolstandaardoplossing en voer drie kontrolebepalings soos in 9.1.1(d)(2) uit.

OPM: Indien die deelvolumes van die toetsoplossing kleiner as 7 mℓ is, voeg in elke geval voor titrering genoeg van die ekstraheeroplossing by om die finale folume op 7 mℓ te bring.

9.1.4 *Berekening:* Bereken die askorbiensuurgehalte van die produk, in milligram per kilogram, soos volg:

$$\text{Askorbiensuurgehalte, mg/kg} = (V-V_1) \times \frac{m}{m_1} \times \frac{V_2}{V_3} \times 10^3$$

waar V = gemiddelde monstertiter, mℓ

V_1 = gemiddelde kontroletiter, mℓ

m = milligram askorbiensuur ekwivalent aan 1,0 mℓ indofenolstandaardoplossing

m_1 = massa van monster in volume V_2 van die toetsoplossing, g

V_2 = volume van die toetsoplossing (kyk 9.1.2), mℓ

V_3 = deelvolume van die toetsoplossing wat getitreer is, mℓ

9.2 BEPALING VAN KWIKGEHALTE.

9.2.1 *Apparaat.*

(a) *'n Atoomabsorpsiespektrofotometer* met 'n kwikholkatodelamp toegerus.

(b) *'n Kouedampabsorbsiesel* wat in plaas van die brander van die spektrofotometer aangebring is (kyk Fig. 1).

(c) *'n Reaksiefles.* 'n 250-mℓ-Erlenmeyerfles of kookfles met 'n plat boom en 'n slypglasnek, wat bo 'n magnetiese roerder aangebring is.

(d) *'n Diafragmapomp.*

(e) *'n Elektriese lamp met 'n 60-W-gloeilamp,* wat bo die absorpsiebuis aangebring is om kondensasie te voorkom.

9.2.2 *Reagense.*

(a) *Soutsuur,* gekonsentreer (*d* by 25 °/25 °C = 1,19).

(b) *Salpetersuur,* gekonsentreer (*d* by 25 °/25 °C = 1,42).

(c) *Swaelsuur,* gekonsentreer (*d* by 25 °/25 °C = 1,84).

(d) *Verdunsuuroplossing.* 'n Wateroplossing wat 100 mℓ van die salpetersuur en 50 mℓ van die swaelsuur per liter bevat.

(e) *Verdunde soutsuuroplossing.* Voeg 1 volume van die gekonsentreerde soutsuur by 9 volumes water.

(f) *Tin(II)chloriedoplossing.* Los 20 g kristallyne tin(II)-chloried ($SnCl_2.2H_20$) in 10 mℓ van die gekonsentreerde soutsuur op deur dit te verwarm en vul tot ongeveer 100 mℓ met water aan. Verwyder spoorhoeveelhede kwik deur stikstof 10 minute lank deur die oplossing te borrel.

(g) *Kwikstandaardoplossings.*

(1) *Voorraadoplossing,* 1 000 mg/ℓ. Los 1,354 g kwikchloried in die verdunde soutsuur op en vul tot 1 ℓ aan met die verdunde soutsuur. Hierdie oplossing bly minstens een jaar lank stabiel.

(2) *Werkstandaardoplossing,* 5 mg/ℓ. Verdun 1 mℓ van die voorraadoplossing tot 200 mℓ met die verdunde soutsuur. Hierdie oplossing moet daagliks berei word.

9.2.3 *Bereiding van monster:* Laat die produk in die verpakking ontdooi en maal dan die eetbare deel twee maal in 'n vleismeul. Meng die gemaalde monster deeglik met gebruik van 'n vysel en stamper. Plaas 'n gepaste hoeveelheid van die gemaalde monster oor in 'n houer met 'n deksel of skroefdop wat styf toegemaak kan word. Bewaar in 'n koelkas totdat die toetse uitgevoer word.

9.2.4 *Prosedure.*

(a) Plaas ongeveer 5 g van die bereide monster in 'n geweegde 250-mℓ-Erlenmeyerfles oor. Maak seker dat die toetseksemplaar op die boom van die fles geplaas word en dat daar nie van die eksemplaar aan die nek van die fles bly kleef nie. Bepaal die massa van die eksemplaar en fles en teken die massa van die toetseksemplaar aan.

(b) Voeg 10 mℓ van die gekonsentreerde salpetersuur, 5 mℓ van die gekonsentreerde swaelsuur en dan 2 mℓ van die gekonsentreerde soutsuur by die inhoud van die fles. Bedek die fles met 'n geskikte spatweerder en, as die aanvanklike reaksie bedaar, plaas die fles 40 minute lank op 'n kokende waterbad. Haal die fles van die waterbad af, laat dit afkoel en plaas die inhoud van die fles kwantitatief in 'n 100-mℓ-volumetriese fles oor en vul tot by die merk aan met water.

(c) Skakel die elektriese verhittingslamp en die kwikholkatodelamp aan en laat die instrument toe om volledige ewewig by 'n golflengtestelling van 253,7 nm te bereik. Pipetteer 20 mℓ van die 100-mℓ-toetsoplossing [kyk (b) hierbo] in die reaksiefles.

Gebruik teflonbuis om die absorpsiesel, die reaksiefles en die diafragmapomp in serie in 'n geslote stelsel te verbind (kyk Fig. 1). Beperk verdunning van die kwikdamp tot die minimum deur gebruik te maak van buise met die kleinste moontlike diameter en lengte.

Maak seker dat die afstand tussen die onderpunt van die inlaatbuis en die oppervlak van die toetsoplossing in die reaksiefles minstens 10 mm is. Skakel die magnetiese roerder en die diafragmapomp aan. Stel die absorpsieaflesing op die spektrofotometer op nul. Skakel die roerder en die romp af. Diskonnekteer die fles en voeg 3 mℓ van die tin(II)chloriedoplossing by die toetsoplossing, verbind onmiddellik weer die fles, skakel die magnetiese roerder aan en laat dit een minuut lank roer en skakel dan die diafragmapomp aan. Teken die absorpsieaflesing aan sodra dit stabiliseer. Laat die kwikdamp uit die geslote stelsel deur die reaksiefles oop te maak.

(d) Verdun volumes van 0,1, 0,2, 0,4, 0,6 en 0,8 mℓ van die werkstandaardoplossing tot 100 mℓ met die verdunsuuroplossing en herhaal die prosedure in (c) hierbo met elk van dié oplossings. Teken 'n kwikstandaard-kalibreergrafiek aan die hand van die absorpsiewaardes. Bepaal die kwikgehalte van die deelvolume van die toetsoplossing aan die hand van die standaard kalibreergrafiek.

9.2.5 *Berekening:* Bereken die kwikgehalte van die produk, in milligram per kilogram, soos volg:

$$\text{Kwikgehalte, mg/kg} = \frac{m \times 5}{m_1}$$

Waar m = massa van die kwik in die verteerde 20-mℓ-monster, g

m_1 = massa van die toetseksemplaar, g

9.3 BEPALING VAN SWAELDIOKSIEDGEHALTE.

9.3.1 *Apparaat.*

(a) *'n pH-meter.*

(b) *Distilleerapparaat (kyk Fig. 2).* 'n Distilleerfles A met 'n ronde boom en 'n inhoudsvermoë van 1 ℓ en met drie parallelle nekke. 'n 100-mℓ-druptregter G is in die middelste nek aangebring en 'n stroomleweringsbuis B is deur een van die synekke aangebring en strek tot onder die vloeistofvlak in distilleerfles A. Die ander synek is deur middel van 'n spatkop C met die sok aan die bopunt van 'n vertikaal gemonteerde dubbeloppervlakkondensator D verbind. 'n Ontvangerpasstuk E is met die keël aan die onderpunt van die kondensator verbind en strek tot enkele millimeter bo die boom van 'n 250-mℓ-Erlenmeyerfles F.

9.3.2 *Reagense.*

(a) *Stoom.* 'n Gerieflike bron van stoom.

(b) *Soutsuur,* gekonsentreer (*d* by 25 °/25 °C = 1,19).

(c) *Waterstofperoksied.* 'n 3-%(*V/V*)-oplossing wat met die pH-meter tot 'n pH-waarde van 4,0 aangesuiwer is.

(d) *Standaardnatriumhidroksiedoplossing, c*(NaOH) = 0,1 mol/ℓ.

9.3.3 *Prosedure:* Gooi 25 mℓ van die waterstofperoksiedoplossing saam met 25 mℓ water in ontvanger F. Gooi 200 g van die toetsmonster, berei soos in 9.2.3 beskryf en noukeurig geweeg en ongeveer 200 mℓ water deur die middelste nek in distilleerfles A en bring weer die ontvangerpasstuk en die druptregter G aan. Gooi 20 mℓ van die soutsuur deur die tregter in fles A en maak die afsluitkraan van die tregter toe. Verhit die mengsel in die fles tot kookpunt, verlaag die aangewende hitte en stuur stoom deur die mengsel totdat ongeveer 100 mℓ van die distillaat in ontvanger F opgevang is. Staak die verhitting, maak die afsluitkraan van die druptregter oop, haal ontvanger F onder die ontvangerpasstuk E uit, spoel die onderpunt van die passtuk af en vang die spoelsels in die ontvanger op. Titreer die oplossing in ontvanger F by kamertemperatuur met die natriumhidroksiedoplossing tot 'n pH-waarde van 6,0 met die pH-meter bepaal.

9.3.4 *Berekening:* Bereken die swaeldioksiedgehalte van die produk, in milligram per kilogram, soos volg:

$$\text{Swaeldioksiedgehale, mg/kg} = \frac{V \times \frac{1\,000}{}}{m \times 3{,}2}$$

Waar V = volume van die standaarnatriumhidroksiedoplossing wat vir titrering gebruik is, mℓ

m = massa van die toetsmonster wat geneem is, g



Fig 1 - Apparaat vir die Bepaling van Kwikgehalte

10. METODES VIR MIKROBIOLOGIESE ONDERSOEK

10.1 ALGEMEEN: Aseptiese tegnieke moet deurgaans in die ondersoek gevolg word.

10.2 LABORATORIUMWARE

10.2.1 *Algemeen:* Maak seker dat alle glasware wat gebruik word, teen herhaalde hittesterilisering bestand is en dat die glas vry is van stremstowwe soos swaarmetale en vry alkali. Borosilikaatglas met 'n uitsettingskoëffisiënt van minder as 6×10^{-6} word aanbeveel.

10.2.2 *Bottels (universeel):* Bottels met standaardskroefdoppe van plastiek of metaal en met 'n nominale inhoudsvermoë van—

(a) 30 mℓ,
(b) 100 mℓ,
(c) 250 mℓ,
(d) 500 mℓ,
(e) 1 000 mℓ.

10.2.3 *Kweekbuise:* Liplose silindriese buise met halfronde ente, 'n nominale wanddikte van 1,5 mm en van die volgende groottes:

Diameter, mm	*Lengte, mm*
16	160
20	200

Prop die buise toe met watteproppe of met proppe van skuimrubber wat vir gebruik in 'n outoklaaf geskik is, of gebruik skroefdopbuise met dieselfde afmetings.

10.2.4 *Gegradueerde pipette:* Totaleleweringspipette wat slegs vir bakteriologiese doeleindes bedoel is, waarvan die uitvloei-opening 'n diameter van 2–3 mm het en wat in eenhede van 0,1 mℓ gegradueer is in groottes met 'n lewering van 1,0 mℓ, 5,0 mℓ en 10 mℓ.

10.2.5 *Petribakkies:* Petribakkies van glas of benatbare polistireen, van die volgende groottes:

Diameter, mm	*Hoogte, mm*
90	15
100	20
150	20

10.2.6 *Volumetriese silinders:* Gegradueerde meetsilinders met of sonder proppe en met 'n inhoudsvermoë van 5 mℓ, 10 mℓ, 100 mℓ en 1 000 mℓ.

10.2.7 *Monsterbottels:* Bottels waarvan die bek 'n diameter van 40–60 mm het, met uitruilbare slypglas- of plastiekproppe of gevoerde metaalsluitdoppe en met 'n inhoudsvermoë van 250–300 mℓ, 'n diameter van 70–80 mm en 'n hoogte van 120–150 mm.

10.2.8 *Kweekflesse:* Flesse of bottels met standaardsluitdoppe van gevoerde metaal of plastiek soortgelyk aan dié in 10.2.2 en 10.2.7 beskryf, maar met gate met 'n diameter van 12–15 mm in die sluitdoppe geboor wat met watte of bakterievangfilters toegestop kan word.

10.2.9 *Reagensbottels:* Bottels met 'n inhoudsvermoë van 50 mℓ en 100 mℓ en met polipropileen- of ander plastiekproppe waarvan die ontwerp sodanig is dat dit gebruik kan word om druppels van die reagens te lewer.

10.2.10 *Klein proefbuise:* Liplose silindriese buise met halfronde ente, 'n nominale wanddikte van 0,5 mm en 'n diameter van 6–7 mm, 'n lengte van 100 mm en 'n inhoudsvermoë van 2,5–3,0 mℓ. Hierdie buise kan ook as lang Durham-buise gebruik word.

10.2.11 *Durham-buise:* Buise soos in 10.2.10 beskryf, maar met 'n lengte van 35–45 mm en 'n inhoudsvermoë van 0,9–1,3 mℓ.

10.3 UITRUSTING.

10.3.1 *Outoklaaf:* 'n Drukhouer wat stoom kan lewer of met 'n sentrale stoombron verbind is, wat 'n druk van 300 kPa kan weerstaan en wat 'n temperatuur van 121 ± 2 °C kan bereik binne 10 minute nadat daar met die steriliseersiklus begin is.

10.3.2 *Inkubators en waterbaddens:* Inkubators en waterbaddens wat termostaties beheerde verhittings- en verkoelingstoestelle het en wat so van sirkuleermiddele voorsien is dat die temperatuur van die totale ingeslote ruimte tot binne 2 °C by die termostaatinstelling gehou word.

10.3.3 *Warmlugoond (vir sterilisering dmv droë hitte):* 'n Termostaties beheerde oond wat deur elektrisiteit of gas verhit word en wat so van sirkuleermiddele voorsien is dat die temperatuur van die totale ingeslote ruimte by 170 ± 5 °C gehou word en waarvan die hittetoevoer sodanig is dat die werktemperatuur weer bereik word binne 10 minute nadat die oonddeur vir 'n oomblik oopgemaak en dan weer toegemaak is.

10.3.4 *Homogeniseerder:* 'n Meganiese mengmasjien van die draai- of pulseertipe, wat steriliseerbare houers het waarin 'n homogene dispersie van die monster en die voorgeskrewe verdunningsmiddel gemaak kan word. Die steriliseerbare houers kan van glas, metaal of geskikte plastiekmateriaal wees. Maak seker dat die prosedure vir homogenisering sodanig is dat dit nie die getal mikro-organismes in die monster of die lewensvatbaarheid daarvan sal verminder nie.



Fig 2 - Apparaat vir die Bepaling van Swaeldioksiedgehalte

10.3.5 *Glasspreiers:* Glasspreiers wat van glasstawe met 'n diameter van 3,5 mm en 'n lengte van 200 mm gemaak is deur elke staaf ongeveer 30 mm van een ent af haaks te buig. Maak die gesnyde ente glad deur hulle in 'n vlam te verhit.

10.4 KWEEKBODEMS EN REAGENSE.

10.4.1 *Algemeen.*

10.4.1.1 *Water:* Gebruik slegs glasgedistilleerde water of gedemineraliseerde water van dieselfde suiwerheid, wat helder, kleurloos en vry van sigbare stowwe in suspensie is en waarvan die pH-waarde, by 25 °C gemeet, binne die bestek 5,0–7,5 is.

10.4.1.2 *Kwaliteit van bestanddele:* Gebruik slegs bestanddele van 'n kwaliteit wat aanneemlik vir mikrobiologiese doeleindes is, by die bereiding van die kweekbodems en reagense. Tensy anders vermeld, moet alle soute anhidries wees.

10.4.1.3 *Noukeurigheid:* Tensy anders aangewys, word die volgende toleransies toegelaat:

	Toleransie, plus of minus
(a) Op temperatuur	0,5 °C
(b) Op massa	1,0 %
(c) Op volume	1,0 %
(d) Op pH-waardes	0,1 pH-eenheid

10.4.1.4 *Ontwaterde kweekbodems:* Baie van die kweekbodems wat vereis word, is in ontwaterde vorm verkrygbaar en die gebruik van sodanige kweekbodems word aanbeveel ter wille van eenvormige resultate. Indien sodanige kweekbodems gebruik word, moet die fabrikant se aanwysing vir die hersamestelling en sterilisering daarvan noukeurig gevolg word.

10.4.1.5 *Aansuiwering van pH-waarde:* Indien die finale pH-waarde van 'n kweekbodem of reagens gespesifiseer word, suiwer die pH-waarde, indien nodig, tydens bereiding en, in die geval van kweekbodems, voor sterilisasie so aan dat die vereiste pH-waarde na bereiding, by 25 °C gemeet, verkry word. Tensy daar anders aangewys word, gebruik 'n oplossing van soutsuur [c(HCl) = mol/ℓ)] of van natriumhidroksied [c(NaOH) = 1 mol/ℓ)], soos toepaslik, om die pH-waardes aan te suiwer.

10.4.1.6 *Uitmeting:* Indien daar aangewys word dat gespesifiseerde hoeveelhede van die kweekbodem in bottels uitgemeet word, gebruik 30-mℓ-universele bottels [kyk 10.2.2 (a)] of kweekbuise met 'n diameter van 16 mm (kyk 10.2.3). Indien daar aangewys word dat in grootmaat gesteriliseer moet word, gebruik enige geskikte glashouer van die vereiste kwaliteit (kyk 10.2.1). Meet reagense uit in reagensbottels (kyk 10.2.9). Roer kweekbodems aanhoudend terwyl dit uitgemeet word.

As die bereiding van hellings vir oppervlakkweking vereis word, meet die kweekbodem in 10-mℓ-hoeveelhede uit en steriliseer soos aangewys. Plaas die bottels of, indien toepaslik, die kweekbuise onmiddellik na sterilisasie en terwyl die kweekbodem nog gesmelt is, op 'n oppervlak met 'n helling van 1 op 4 en laat die agar stol.

10.4.1.7 *Sterilisasie:* Indien sterilisasie in 'n outoklaaf gespesifiseer word en tensy daar anders aangewys word, outoklaveer die kweekbodem 20 minute lank by 121 ± 2 °C. (Dié temperatuur stem ooreen met 'n druk van 103 kPa bo atmosferiese druk by seespieël, d.w.s. 207 kPa absoluut.)

10.4.1.8 *Kontrolering van bereide kweekbodems:* Maak d.m.v. aanneemlike inkubasietoetse seker dat bereide kweekbodems steriel is en die groei van die toepaslike organismes in die aangegewe inkubasietoestande kan onderhou.

10.4.1.9 *Bewaring van kweekbodems:* Sorg dat die bereide media sorgvuldig teen blootstelling aan hitte en sonlig beskerm word en dat dit nie verdamp het en die konsentrasie of pH-waarde daarvan nie verander het nie en dat die kweekbodems, tensy daar anders gespesifiseer word, binne 3 maande na bereiding gebruik word.

10.4.2 *Gebufferde isotoniese peptoonwater (verdunningsmiddel).*

Bestanddele	
Peptoon	10 g
Dinatriumfosfaatdodekahidraat	9 g
Natriumchloried	5 g
Monokaliumfosfaat	1,5 g

Los die bestanddele in water op, suiwer die pH-waarde tot 7,0 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet soos volg uit:

(a) 9-mℓ-volumes in bottels [kyk 10.2.2(a)];
(b) 99-mℓ-volumes in bottels [kyk 10.2.2(b)]; en
(c) groter volumes in grootmaathouers.

Steriliseer in 'n outoklaaf.

10.4.3 *Plaattellingagar.*

Bestanddele	
Agar	15 g
Pankreasverteerde kaseïen (triptoon)	5 g
Gisekstrak	2,5 g
Glukose	1 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Verkoel tot 50 °C, suiwer die pH-waarde tot 7,2 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ.

Meet 15-mℓ-volumes uit in bottels [kyk 10.2.2(a)] en steriliseer in 'n outoklaaf.

10.4.4 *Kristalviolet-neutraalrooi-laktosegalagar*

Bestanddele

Agar	15 g
Laktose	10 g
Peptoon	7 g
Natriumchloried	5 g
Gisekstrak	3 g
Galsoute	1,5 g
Neutraalrooi	0,03g
Kristalviolet	0,002 g

Suspendeer die bestanddele in 950 mℓ water. Laat ongeveer 15 minute lank week en los dan die bestanddele volledig op deur te kook, maar moenie die kweekbodem langer kook as wat nodig is om dit te laat oplos nie. Verkoel tot 50 °C, suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. MOENIE IN 'N OUTOKLAAF STERILISEER NIE. Meng deeglik en gooi onmiddellik 15-mℓ-hoeveelhede in steriele petribakkies met 'n diameter van 90 mm of 100 mm (kyk 10.2.5). Verkoel vinnig totdat dit gestol het. Gebruik die plate verkieslik op die dag van bereiding. So nie, bewaar hulle hoogstens drie dae lank by 2–4 °C.

10.4.5 *Brijlantgroen-galkweekbodem (Enkelsterkte)*

Bestanddele

Uitgedroogde beesgal	20 g
Laktose	10 g
Peptoon	10 g
Briljantgroen	0,013 3 g

Los die bestanddele in water op, suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 10-mℓ-volumes uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2(a)] wat elk 'n omgekeerde Durham-buis (kyk 10.2.11) bevat en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 115 °C.

10.4.6 *Briljantgroen-galkweedbodem (Dubbelsterkte).* Berei die kweekbodem soos in 10.4.5 beskryf, maar gebruik dubbel die hoeveelhede bestanddele. Meet 100 mℓ-volumes uit in 250-mℓ-bottels [kyk 10.2.2(c)], wat lang Durham-buise (kyk 10.2.10) bevat en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 115 °C.

10.4.7 *Triptoon-triptofaankweekbodem*

Bestanddele

Pankreasveteerde kaseïen (triptoon)	10 g
Natriumchloried	5 g
dℓ-triptofaan	1 g

Los die bestanddele in water op, suiwer die pH-waarde tot 7,5 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 9-mℓ-volumes uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2(a)] en steriliseer in 'n outoklaaf.

10.4.8 *Kovacs-reagens*

Bestanddele

p-dimetielaminobensaldehied	5 g
Amielalkohol (vry van piridien)	75 mℓ
Soutsuur, gekonsentreer	25 mℓ

Los die aldehied in die alkohol op en help die oplossing daarvan aan deur in 'n waterbad tot 50–55 °C te verhit. Laat afkoel en voeg die suur by. Beskerm teen lig en bewaar by ongeveer 4 °C. Die reagens moet liggeel van kleur wees. (Sommige soorte) amielalkohol veroorsaak dat die reagens 'n baie donker kleur het en onbevredigend is.) Bewaar in 100-mℓ-reagensbottels (kyk 10.2.9). Laat 24 uur lank staan voor gebruik.

10.4.9 *Baird-Parker-agar.*

Bestanddele van basale kweekbodem

Agar	20 g
Glisien	12 g
Pankreasverteerde kaseïen (triptoon)	10 g
Vleisekstrak	5 g
Litiumchloried	5 g
Gisekstrak	1 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Laat afkoel tot 50 °C, suiwer die pH-waarde tot 7,2 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 90-mℓ-volumes uit in 100-mℓ-bottels [kyk 10.2.2(b)] en steriliseer dit in 'n outoklaaf. Die kweekbodem kan hoogstens een maand lank by 4 °C bewaar word. Voeg, voordat in plate gegooi word, 1 mℓ tellurietoplossing (kyk 10.4.10) en 5 mℓ eiergeelemulsie (kyk 10.4.11) by elke 90 mℓ van die basale kweekbodem, wat vooraf gesmelt en tot 45–50 °C afgekoel is. Meng goed en gooi 15-mℓ-hoeveelhede in petribakkies met 'n diameter van 90 mm of 100 mm (kyk 10.2.5). Laat stol. Gebruik die plate binne 24 uur na bereiding. Droog die oppervlak van die kweekbodem minstens een uur lank by 45 °C voordat dit gebruik word. Sprei net voor gebruik 0,5 mℓ natruim piruvaatoplossing (kyk 10.4.13) oor die oppervlak van die kweekbodem.

10.4.10 *Tellurietoplossing:* Los 1 g kaliumtelluriet met minimale verhitting in 100 mℓ water op. Steriliseer deur filtrering. Bewaar hoogstens een maand lank by 4 °C in 'n 100-mℓ-reagensbottel (kyk 10.2.9).

10.4.11 *Eiergeelemulsie [ongeveer 20 % (V/V)]:* Was die doppe van 'n aantal vars hoendereiers en ontsmet hulle daarna. Breek die eiers oop, skei die wit asepties van die geel en vang die geel in 'n steriele beker op. Voeg water by in die verhouding van 4 volumes water tot 1 volume eiergeel. Meng deeglik en verhit twee uur lank in 'n waterbad by 45 °C. Sentrifugeer om die neerslag te verwyder of laat die mengsel oornag in 'n koelkas staan en gooi die bodrywende vloeistof af. Steriliseer die bodrywende vloeisof deur filtrering. Meet 5,0-mℓ-volumes uit in steriele 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2(a)] en bewaar hoogstens een maand lank in 'n koelkas.

10.4.12 *Mannitolsout-fenolrooi-agar.*

Bestanddele

Natriumchloried	75 g
Agar	12 g
Mannitol	10 g
Peptoon afkomstig van vleis	10 g
Vleisekstrak	10 g
Fenolrooi	0,025 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Outoklaveer 15 minute lank by 121 °C en verdeel in petribakkies (kyk 10.2.5).

10.4.13 *Natruimpiruvaatoplossing:* Berei 'n oplossing wat 200 g natriumpiruvaat per liter bevat en steriliseer dit deur filtrering. Gebruik verkieslik slegs 'n vars bereide oplossing. So nie kan die oplossing hoogstens drie dae lank by 2–4 °C bewaar word.

10.4.14 *DN-ase-toetsagar.*

Bestanddele

Triptoon	20 g
Agar	15 g
Natriumchloried	5 g
Deoksiribonukleïensuur	2 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Outoklaveer 15 minute lank by 121 °C en verdeel in petribakkies (kyk 10.2.5).

10.4.15 *Briljantgroenoplossing.*

Bestanddele

Brijlantgroen	0,5 g
Steriele water	100 mℓ

Los die briljantgroen in die water in 'n steriele fles op. MOENIE VERHIT NIE. Bewaar die oplossing minstens een dag lank in die donker sodat outo-sterilisasie kan plaasvind.

10.4.16 *Tetrationaatkweekbodem (Müller-Kauffmann gewysig).*

Bestanddele

Natriumtiosulfaatpentahidraat	50 g
Kalsuimkarbonaat	45 g
Peptoon	9 g
Uitgedroogde beesgal	5 g
Kaluimjodied	5 g
Vleisekstrak	4,5 g
Jodium	4 g
Natruimchloried	2,7 g
Briljantgroenoplossing (kyk 10.4.15)	2 mℓ

Suspendeer die vaste bestanddele, uitgesonderd die jodium en die kaliumjodied, in ongeveer 900 mℓ water in 'n fles met 'n inhoudsvermoë van minstens 2 ℓ en steriliseer die fles en sy inhoud in 'n outoklaaf. Los die kaliumjodied in ongeveer 10 mℓ steriele water op, voeg die jodium by en laat dit oplos. Voeg die kaliumjodied-en-jodiumoplossing en dan die 2 mℓ briljantgroenoplossing by die massa van die kweekbodem nadat dit afgekoel het. Vul die volume van die kweekbodem asepties met steriele water tot 1 ℓ aan. Meet 100-mℓ-volumes asepties uit in steriele kweekflesse (kyk 10.2.8). Moenie weer verhit nie. Bewaar die kweekbodem hoogstens sewe dae lank in die donker by 4 °C.

10.4.17 *Selenietkweekbodem (Stokes en Osborne)*

Bestanddele

Mannitol	5 g
Peptoon	5 g
Gisekstrak	5 g
Natriumwaterstofseleniet	4 g
Dikaliumfosfaat	2,62 g
Monokaliumfosfaat	1,36 g
Natriumtourocholaat	1 g
Briljantgroenoplossing (kyk 10.4.15)	1 mℓ

Los die vaste bestanddele, uitgesonderd die natriumwaterstofseleniet, in ongeveer 700 mℓ water op deur dit te kook, en steriliseer in grootmaat in 'n outoklaaf. Los die natriumwaterstofseleniet in ongeveer 150 mℓ koue water op en steriliseer die oplossing (verkieslik deur filtrering of so nie, deur dit 10 minute lank in stoom by 100 °C te verhit). Voeg hierdie oplossing en die 1 mℓ briljantgroenoplossing asepties by die gesteriliseerde en afgekoelde massa van die kweekbodem. Suiwer die pH-waarde tot 7,0 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 100-mℓ-volumes asepties uit in steriele kweekflesse (kyk 10.2.8). Moenie die kweekbodem verder verhit nie. Die afsaksel wat vorm, sal tot onder in die fles afsak en moet weer gesuspendeer word voordat die kweekbodem gebruik word. Gebruik op die dag waarop dit berei is.

10.4.18 *Briljantgroen-fenolrooi-agar (Edel en Kampelmacher)*

Bestanddele

Agar, maklik oplosbaar	12 g
Peptoon	10 g
Laktose	10 g
Sukrose	10 g
Vleisekstrak	4 g
Natriumchloried	3 g
Mononatriumfosfaat	0,6 g
Fenolrooi	0,09 g
Dinatriumfosfaat	0,08 g
Briljantgroenoplossing (kyk 10.4.15)	1 mℓ

Los die vaste bestanddele, uitgesonderd die fenolrooi, die laktose en die sukrose, in ongeveer 800 mℓ water op en steriliseer in grootmaat in 'n outoklaaf. Laat dit tot 55 °C afkoel. Los die fenolrooi en die suikers in ongeveer 150 mℓ water op en verhit 20 minute lank in 'n waterbad by 70 °C. Laat dit tot ongeveer 55 °C afkoel en voeg hierdie oplossing en die 1-mℓ-briljantgroenoplossing by die massa van die kweekbodem en meng. Suiwer die pH-waarde tot 7,0 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 40-mℓ-volumes uit in steriele petribakkies, verkieslik met 'n diameter van 150 mm (kyk 10.2.5). Hoewel dié groter petribakkies verkieslik is, kan kleiner petribakkies (kyk 10.2.5) gebruik word. Gebruik in dié geval twee maal soveel bakkies en 'n volume kweekbodem wat dieselfde diepte kweekbodem sal lewer as dié in die groter bakkies. Laat die kweekbodem stol en droog die oppervlak daavan 30 minute lank by 50 °C voordat dit gebruik word. Gebruik op die dag waarop dit berei is.

10.4.19 *Voedingsagar.*

Bestanddele

Agar	15 g
Peptoon	5 g
Vleisekstrak	3 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Laat dit tot 50 °C afkoel, suiwer die pH-waarde tot 6,8 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 15-mℓ-volumes uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2(a)] en steriliseer 20 minute lank in 'n outoklaaf.

10.4.20 *Sitochroomoksidasetoetsstroke of Sitochroomoksidasereagens.*

10.4.21 *Driesuikerysteragar.*

Bestanddele

Peptoon	20 g
Agar	15 g
Laktose	10 g
Sukrose	10 g
Vleisekstrak	3 g
Gisekstrak	3 g
Glukose	1 g
Yster (III) sitraat	0,3 g
Natriumtiosulfaatpentahidraat	0,3 g
Fenolrooi	0,024 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Laat tot 50 °C afkoel, suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 15-mℓ-volumes uit in kweekbuise (kyk 10.2.3) en steriliseer dit 10 minute lank in 'n outoklaaf. Laat dit in 'n skuins posisie stol om 'n dik ent met 'n diepte van ongeveer 25 mm te verkry.

10.4.22 *Ureumagar (Christensen).*

Bestanddele

Ureum (50 mℓ van 'n 400-g/ℓ-oplossing)	20 g
Agar	15 g
Natriumchloried	5 g
Dikaliumfosfaat	2 g
Glukose	1 g
Peptoon	1 g
Fenolrooi	0,012 g

Los die bestanddele, behalwe die ureum, in water op deur dit te kook en verdun die oplossing tot 900 mℓ. Steriliseer dié basis in grootmaat en laat tot 50 °C afkoel. Voeg 50 mℓ van 'n filtergesteriliseerde oplossing wat 400 g ureum per liter bevat, by en meng goed. Suiwer die pH-waarde tot 6,8 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 15-mℓ-volume asepties uit in steriele 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2 (a)] en laat in 'n skuins posisie stol om 'n dik ent met 'n diepte van ongeveer 25 mm te verkry.

10.4.23 *Lisiendekarboksileringskweekbodem (Taylor).*

Bestanddele

ℓ-lisienmonohidrochloried	5 g
Gisekstrak	3 g
Glukose	1 g
Broomkresolpurper	0,015 g

Los die bestanddele in water op, suiwer die pH-waarde tot 6,8 aan en verdun die oplossing tot 1ℓ. Meet 10-mℓ-volumes uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2 (a)] en steriliseer dit 10 minute lank in 'n outoklaaf.

10.4.24 β-*galaktosidasereagens*

Bestanddele

Mononatriumfosfaat	0,69 g
Ortonitrofeniel-β-*d*-galaktopiranosied	0,08 g
Natriumhidroksiedoplossing, 0,4 g/ℓ	ongeveer 3 mℓ

Los die mononatriumfosfaat in 15 mℓ water op. os die galaktopiranosied in hierdie oplossing op, suiwer die pH-waarde met die natriumhidroksiedoplossing tot 7,0 aan en verdun tot 20 mℓ. Bewaar hoogstens een maand lank by 4 °C.

10.4.25 *Voges-Proskauer-kweekbodem.*

Bestanddele

Peptoon	7 g
Glukose	5 g
Dikaliumfosfaat	5 g

Los die bestanddele in water op, suiwer die pH-waarde tot 6,9 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 0,2-mℓ-volumes uit in klein proefbuise (kyk 10.2.10) en steriliseer 20 minute lank in 'n outoklaaf by 115 °C.

10.4.26 *Kreatienoplossing:* Berei 'n oplossing wat 5 g kreatien-monohidraat per liter water bevat. Bewaar hoogstens een maand lank by kamertemperatuur in reagensbottels (kyk 10.2.9).

10.4.27 α-*naftoloplossing:* Gebruik 96-100-% *(V/V)*-etanol as oplosmiddel en berei 'n oplossing wat 60 g α-naftol per liter bevat. Bewaar hoogstens een maand lank by kamertemperatuur in reagensbottels (kyk 10.2.9).

10.4.28 *Kaliumhidroksiedoplossing:* Berei 'n oplossing wat 56 g kaliumhidroksied per liter water bevat. Bewaar by kamertemperatuur in bottels met alkalibestaande plastiekproppe. Moenie glasproppe gebruik nie. Vermy onnodige blootstelling aan die atmosfeer.

10.4.29 *Soutoplossing:* Los 8.5 g natriumcholoried in water op en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 9-mℓ-volumes uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2 (a)] en steriliseer in 'n outoklaaf.

10.4.30 *Polivalente Anti*-Salmonella-*"O"-serum:* Gebruik kommersiële antiserums teen die somatiese antigene van 'n groot genoeg getal *Salmonella*-serotipes om dit onwaarskynlik te maak dat 'n vals negatiewe reaksie verkry sal word. Maak in alle gevalle seker dat die groepe A to G in toereikende mate verteenwoordig is. Volg ten opsigte van elke serum of serummengsel die aanwysings van die serumfabrikant.

10.4.31 *Polivalente Anti*-Salmonella-*"H"-serum:* Gebruik kommersiële antiserums teen die flagellêre antigene van 'n groot genoeg getal *Salmonella*-serotipes om spesifieke sowel as nie-spesifieke faktore, uitgesonderd faktor "i", op te spoor. Volg ten opsigte van elke serummengsel die aanwysings van die serumfabrikant.

10.4.32 *Polivalente Anti*-Salmonella-*"Vi"-serum:* Gebruik kommersiële antiserums. Volg die fabrikant se aanwysings noukeurig.

10.4.33 *Gram-negatiewe kweekbodem.*

Bestanddele

Polipeptoon	20 g
Natriumcholoried	5 g
Natriumsitraat	5 g
Dikaliumfosfaat	4 g
Mannitol	2 g
Monokaliumfosfaat	1,5 g
Glukose	1 g
Natriumdeoksicholaat	0,5 g

Los die bestanddele in water op, suiwer die pH-waarde tot 7,0 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 100-mℓ-volumes uit in kweekflesse (kyk 10.2.8) met 'n inhoudsvermoë van minstens 200 mℓ en steriliseer 15 minute lank in 'n outoklaaf by 115 °C

10.4.34 *Xiloselisiendeoksicholaatagar (XLD-agar).*

Bestanddele

Agar	15 g
Laktose	7,5 g
Sukrose	7,5 g
Natriumtiosulfaatpentahidraat	6,8 g
ℓ-lisienmonowaterstofchloried	5 g
Natriumchloried	5 g
Xilose	3,5 g
Gisekstrak	3 g
Natriumdeoksicholaat	2,5 g
Yster (III) ammoniumsitraat	0,8 g
Neutraalrooi	0,08 g

Los die bestanddele met die minimum verhitting in water op, laat afkoel, suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 15-mℓ-volumes uit in petribakkies (kyk 10.2.5). Gaan na dat die kweekbodem 'n rooierige kleur het en helder of bykans helder is. Gebruik op die dag waarop dit berei is.

10.4.35 *Polivalente Anti*-Shigella-*"O"-serum.* Gebruik kommersiële polivalente anti-serums teen die somatiese antigene, met inbegrip van teenliggaampies, van minstens *Shigella*-serotipes 1–15.

10.4.36 *Differensiële Versterkte* Clostridium-*kweekbodem (Dubbelsterkte)*

Bestandele van basale kweekbodem:

Bestanddele

Peptoon	10 g
Vleisekstrak	10 g
Natriumasetaattrihidraat	5 g
Gisekstrak	1,5 g
Oplosbare stysel	1 g
Glukose	1 g
ℓ-sisteïen	0,5 g

Voeg die peptoon, vleisekstrak, natriumasetaattrihidraat en gisekstrak by 350 mℓ water. Berei 'n stysel-oplossing in nog 100 mℓ water deur 'n koue pasta in 'n klein volume van die water aan te maak en die res van die water te kook en dit dan in die pasta in te roer. Voeg hierdie styseloplossing by die ander mengsel, stoom 30 minute lank om al die bestanddele op te los en voeg dan die glukose en sisteïen (wat maklik oplos) by. Filtreer deur papierpulp terwyl dit warm is. Laat afkoel, suiwer die pH-waarde tot 7,1 aan en verdun die oplossing tot 500 mℓ. Meet 12,5-mℓ-volumes van dié basale kweekbodem uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2 (a)] en steriliseer in 'n outoklaaf. Stoom die kweekboden op die dag waarop dit gebruik word ongeveer 10 minute lank, laat dit tot 50 °C afkoel en voeg 0,25 mℓ van elk van die volgende by elke bottel met kweekbodem:

(a) 'n wateroplossing wat 40 g natriumsulfiet per liter bevat;

(b) 'n wateroplossing wat 70 g ferrisitraatskaal per liter bevat.

Help oplossing van die ferrisitraatskaal by die bereiding van oplossing (b) aan deur ongeveer vyf minute lank te verhit en dan te laat afkoel. Steriliseer oplossing (a) en (b) deur filtrering en bewaar by 3–5 °C in dig toegeskroefte bottels. By dié temperatuur sal die oplossings gewoonlik etlike weke lank hou, maar berei elke 14 dae vars oplossings as voorsorgmaatreël.

10.4.37 *Versterkte* Clostridium-*agar*.

Bestanddele

Agar	15 g
Peptoon	10 g
Vleisekstrak	10 g
Glukose	5 g
Natriumasetaattrihidraat	5 g
Gisekstrak	3 g
Oplosbare stysel	1 g
Sisteïen	0,5 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook en, indien nodig, daarna te stoom om oplossing aan te help. Laat tot 50 °C afkoel, suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 15-mℓ-volumes uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2 (a)] en steriliseer in 'n outoklaaf.

10.4.38 *Waterstofperoksiedoplossing, 3 % (m/m).*

10.4.39 *Vibrio-verrykingskweekbodem (Dubbelsterkte).*

Bestanddele

Natriumchloried	40 g
Tripties verteerde kaseïen	20 g
Natriumtourocholaat	10 g
Natriumkarbonaat	2 g
Gelatien	2 g
Kaliumtellurietoplossing, 1 g/ℓ filtergesteriliseer	20 mℓ

Los al die bestanddele, behalwe die kaliumtellurietoplossing, in ongeveer 900 mℓ water op deur, indien nodig, dit te kook. Suiwer die pH-waarde tot 8,7 aan en steriliseer die resulterende basale kweekbodem deur dit 15 minute lank by 121 °C te outoklaveer. Nadat dit tot onder 45 °C afgekoel het, voeg die kaliumtellurietoplossing by. Suiwer die pH-waarde tot 8,7 aan en verdun die kweekbodem tot 1 ℓ met steriele water. Gebruik dit binne twee uur nadat die kaliumtellurietoplossing bygevoeg is.

Die basale kweekbodem, d.w.s. die kweekbodem sonder die kaliumtellurietoplossing, is hoogstens drie dae lank by 4 °C stabiel.

10.4.40 *Vibrio-diagnoseagar.*

Bestanddele

Sukrose	20 g
Agar	15 g
Natriumchloried	10 g
Natriumsitraat	10 g
Natriumiosulfaatpentahidraat	10 g
Spesiale peptoon	10 g
Uitgedroogde osgal	5 g
Gisekstrak	5 g
Natriumtourocholaat	3 g
Yster (III) sitraat	1 g
Broomtimolblou	0,04 g
Timolblou	0,04 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Moet dit nie lange kook as wat nodig is om dit te laat oplos nie. Moenie outoklaveer nie. Laat dit tot 50 °C afkoel, suiwer die pH-waarde tot 8,6 aan, verdun tot 1 ℓ en giet op plate. Gebruik die plate binne drie uur.

10.4.41 *Lisien-indool-motiliteit-waterstofsulfiedagar (wat 3 g/· natriumchloried bevat).*

Bestanddele

Natriumchloried	30 g
Tripties verteerde kaseïen	15 g
ℓ-lisienmonowaterstofchloried	5 g
Vleispeptoon	5 g
Vleisekstrak	3 g
Gisekstrak	3 g
Agar	2 g
Glukose	1 g
Yster (III) ammoniumsitraat	0,5 g
Natriumtiosulfaatpentahidraat	0,3 g
Broomkresolpurper	0,016 g

Los die bestanddele in water op deur dit te kook. Laat afkoel, suiwer die pH-waarde tot 7,4 aan en verdun die oplossing tot 1 ℓ. Meet 5-mℓ-volumes uit in kweekbuise met 'n diameter van 16 mm (kyk 10.2.3), steriliseer dit 10 minute lank in 'n outoklaaf by 121 °C en prop die buise styf toe om vogverlies te voorkom.

10.4.42 *Onaktiveerderoplossing.*

Bestanddele

Sorbitaan-mono-oleaatkompleks	2,0 g
Natriumtourocholaat	1,0 g
Gelatien	1,0 g
Natriumtiosulfaatpentahidraat	0,3 g
Monokaliumfosfaat	0,1 g
Natriumsitraat	0,1 g

Los die bestanddele in water op. Suiwer die pH-waarde tot 7,2 aan, verdun die oplossing tot 1 ℓ en meet 9-mℓ-hoeveelhede uit in 30-mℓ-bottels [kyk 10.2.2 (a)]. Steriliseer in 'n outoklaaf.

10.5 BEREIDING VAN DIE MONSTER.

10.5.1 *Bewaring van die monster:* Bewaar 'n monster met 'n massa van minstens 200 g so kort moontlik in sodanige toestande dat veranderings in die samestelling voorkom of tot die minimum beperk word.

10.5.2 *Dispergering van die monster:* Gebruik 'n steriele snyer en tang om 28–35 g van die monster af te sny en plaas dit in 'n vooraf geweegde en steriele homogeniseerhouer wat geskik is vir gebruik met die homogeniseerder (kyk 10.3.4). Voeg genoeg van die gebufferde isotoniese peptoonwater [kyk 10.4.2 (c)]by om 'n 1:10-dispersie van die monster te verkry. Stel die homogeniseerder volgens die fabrikant se aanwysings in werking en laat dit net lank genoeg werk om 'n homogene dispersie te verkry, dws laat draaitipe homogeniseerders vir altesaam 15 000–20 000 omwentelings van die snylemme, maar hoogstens 2,5 minute lank werk. Gebruik die 1:10-dispersie van die monster wat so verkry is vir die toetse in 10.6 tot en met 10.13.

10.6 STANDAARDPLAATTELLING

10.6.1 *Gekookte produkte.*

(a) Berei 'n verdunning van een deel van die monster in 1 000 volumes verdunningsmiddel, deur 1 mℓ van die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) met 99 mℓ van die gebufferde isotoniese peptoonwater [kyk 10.4.2 (b)] te meng. Meng die inhoud van elke bottel deeglik volgens een van die volgende metodes, voordat daar van die inhou geneem word:

(1) Gebruik 'n geskikte meganiese menger, verkieslik van die vibreertipe.

(2) Indien die verdunning in 'n skroefdopbottel is, meng deur die bottel 10 keer met die hand om te keer en weer regop te hou.

(3) Indien die verdunning in 'n houer met 'n dop of watteprop is, rol die houer minstens 20 maal in 'n regop posisie heen-en-weer tussen die handpalms.

(b) Neem twee 1,0-mℓ-volumes uit die verdunde monster wat so verkry is en plaas elke volume oor in 'n steriele petribakkie met 'n diameter van 90 mm of 100 mm (kyk 10.2.5). Voeg een 15-mℓ-volume van die plaattellingagar (kyk 10.4.3), wat gesmelt is en tot 45 °C afgekoel het, by die inhoud van elke petribakkie en meng. Dra sorg dat niks van die inhoud van die bakkie tydens dié proses uitstort nie. Die maklikste manier is om die bakkie op 'n tafelblad te plaas en die inhoud liggies te werwel deur die bakkie op die tafel te draai. Laat die agar stol, keer die bakkie om, bring gepaste etikette daarop aan, plaas hulle in 'n inkubator oor en inkubeer by 32 °C. Maak seker dat die totale tydperk wat verstryk vandat die verdunnings van die monster berei is totdat die finale plate gegiet word, nie 15 minute oorskry nie. Haal die bakkies na 48 uur inkubasie uit die inkubator en tel die kolonies wat in die kweekbodem ontwikkel het. Teken dié resultate aan en bereken die gemiddelde getal kolonievormende eenhede per gram van die monster.

10.6.2 Rou produkte: Berei 'n 1:1 000-verdunning van die monster voor soos in 10.6.1 (a) beskryf. Berei 'n verdere 1:10-verdunning deur 1 mℓ van dié verdunning met 9 mℓ van die gebufferde isotoniese peptoonwater [kyk 10.4.2. (a)] te meng en gaan dan te werk soos in 10.6.1 (b) beskryf deur die verdunning wat só verkry is vir plaatgieting, inkubering en plaattelling te gebruik.

10.7 TELLING VAN KOLIVORME BAKTERIEË: Pipetteer 2,0 mℓ van dié dispersie van die monster (kyk 10.5.2) in elk van drie steriele petribakkies met 'n diameter van 90 mm (kyk 10.2.5). Voeg 15 mℓ van die kristalviolet-neutraalrooi-laktosegalagar (kyk 10.4.4) wat gesmelt is en tot 45 °C afgekoel het, by die inhoud van elke bakkie en meng. Dra sorg dat niks van die inhoud van die bakkie tydens dié proses uitstort nie. Laat die agar stol, keer die bakkies om, bring gepaste etikette daarop aan, plaas hulle in 'n inkubator oor en inkubeer 24 uur lank by 37 °C. Ondersoek en tel alle rooi kolonies met 'n diameter van meer as 0,5 mm en veronagsaam alle ander kolonies. Beskou alle sodanige rooi kolonies as dié van kolivorme bakterieë. Teken die resultate aan en bereken die gemiddelde getal kolivorme bakterieë per gram van die monster.

10.8 FEKALE KOLIVORME BAKTERIEË.

10.8.1 *Gekookte produkte*

(a) Pipetteer 1 mℓ van die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) in elk van twee bottels met die enkelsterkte-briljantgroen-galkweekbodem (kyk 10.4.5) en inkubeer die bottels oornag by 37 °C.

(b) Indien die kweekbodem gas produseer, soos aangetoon deur gas in die Durham-buis, verkry subkulture van elke bottel deur een oogvol in nog 'n bottel met briljantgroen-galkweekbodem en een oogvol in 'n bottel met triptoon-triptofaankweekbodem (kyk 10.4.7), wat albei vooraf tot 44 °C verhit is, oor te plaas.

Inkubeer albei dié subkulture oornag by 44 ± 0,25 °C in 'n waterbad. Indien die kultuur in die briljantgroen-galkweekbodem gas produseer, oordeel dat die kultuur fekale kolivorme bakterieë is. Voeg 0,5 mℓ van die Kovacs-reagens (kyk 10.4.8) by die inhoud van die bottel wat die geïnkubeerde triptoon-triptofaankweekbodem bevat. Indien dit rooi verkleur, bevestig dit die aanwesigheid van fekale kolivorme bakterieë.

10.8.2 *Rou produkte:* Meet asepties 100 mℓ van die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) uit in elk van twee bottels met die dubbelsterkte-briljantgroen-galkweekbodem (kyk 10.4.6) en inkubeer die bottels oornag by 37 °C. Ondersoek en bevestig verdagte kulture soos in 10.8.1 (b) beskryf. Volgens hierdie metode word die aanwesigheid of afwesigheid van lewensvatbare fekale kolivorme bakterieë in 10 g van die monster bepaal. Dit impliseer dat slegs een organisme per 10 g reeds 'n positiewe resultaat sal gee.

10.9 STAPHYLOCOCCUS AUREUS.

10.9.1 *Plaatinokuleerprosedure:* Plaas met behulp van 'n steriele pipet 'n 1,0-mℓ-eksemplaar van die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) op die oppervlakke van drie agarplate [Baird-Parker-agar (kyk 10.4.9)] oor en versprei die enkele eksemplaar oor die drie plate. Beskou die drie plate as een vir die doel van die plaattellingsprosedure, aangesien hulle 'n verdunning van 10^{-1} van die dispersie van die monster verteenwoordig. Herhaal die prosedure hierbo met nog 'n 1,0-mℓ-eksemplaar en nog drie plate. Inokuleer nog twee plate elk met 0,1 mℓ van die dispersie van die monster. Dié plate verteenwoordig elk 'n verdunning van 10^{-2}.

Versprei die inokulum versigtig met behulp van individuele steriele glasspreiers (kyk 10.3.5) so vinnig moontlik oor die oppervlak van elk van die agt plate en probeer om nie aan die kante van die bakkies te raak nie. Laat die plate met hulle deksels op ongeveer 15 minute lank by kamertemperatuur droog word. Draai die plate om en inkubeer hulle 24–48 uur lank in die inkubator by 43 °C.

10.9.2 *Seleksieprosedure:* Merk na 'n inkubeertydperk van 24–26 uur die posisie van enige tipiese kolonies wat aanwesig is, op die boom van elke plaat. Tipiese kolonies is swart, glansend en konveks (met 'n diameter van 1–1,5 mm) en omring deur 'n helder sone wat gedeeltelik ondeurskynend kan wees. 'n Opaliserende kring kan reg teen die kolonies in dié helder sone voorkom.

Inkubeer al die plate by 43 °C vir die res van die inkubeertydperk en merk dan die posisies van enige nuwe tipiese kolonies.

Neem vir telling slegs dié plate wat tussen 15 en 150 tipiese of tussen 15 en 150 atipiese kolonies bevat. Kies vir bevestiging (kyk 10.9.3) vyf tipiese of vyf atipiese kolonies, na gelang van die geval, uit elke plaat.

Indien daar minder as 15 kolonies aanwesig is op elk van die plate wat met die verdunning van 10^{-1} van die monster geïnokuleer is, hou al die plate wat enige kolonies bevat vir bevestiging (kyk 10.9.3).

10.9.3 *Bevestigingstoetse:* Bogenoemde seleksieprosedure vereis 'n verhoogde temperatuur (43 °C) vir inkubasie en sal die bevestiging van die identiteit van *Staphylococcus aureus* vergemaklik.

Doen 'n kolinokulasie van elk van die tipiese of atipiese kolonies wat uit die Baird-Parker-agarplate gekies is, op 'n plaat met mannitolsout-fenolrooi-agar (kyk 10.4.12) en 'n plaat met DN-ase-toetsagar (kyk 10.4.14). Gebruik 'n swaar inokulum.

Inkubeer die plate 48 uur lank by 37 °C. Oorstroom die oppervlak van die DN-ase-toetsagarplaat na inkubasie met verdunde soutsuur, c(HCl) = ongeveer 1 mol/ℓ. Die DNS sal uitpresipiteer en veroorsaak dat die kweekbodem troebel word. Ondersoek die plate vir die aanwesigheid van helder sones wat om die positiewe kolonies ontwikkel het.

Ondersoek die mannitolsout-fenolrooi-agarplate vir kolonies wat 'n geel kleur met 'n helder, geel sone om die kolonie ontwikkel. Die aanwesigheid van dié kleur is 'n aanduiding dat mannitol in suur omgesit is. Dit is 'n positiewe identifikasie van *Staphylococcus aureus* as groei van 'n geselekteerde kolonie 'n positiewe DN-ase-reaksie toon en suur as afbreekproduk van mannitol produseer.

10.9.4 *Berekening van* Staphylococcus aureus *plaattelling*. Bereken ten opsigte van elke plaat wat positief geïdentifiseerde tipiese of atipiese kolonies bevat, die getal *Staphylococcus aureus* vir elke verdunning aan die hand van die persentasie *Staphylococcus aureus* wat tydens die bevestigingstoetse (kyk 10.9.3) uit die geselekteerde kolonies geïdentifiseer is. Bereken die gemiddelde getal *Staphylococcus aureus* aan die hand van die duplikaatplate of opeenvolgende verdunnings.

OPM.: Rond getalle tot en met 100 tot die naaste meervoud van vyf af en getalle bo 100 wat op 'n 5 eindig tot die naaste meervoud van 20. As 'n getal groter as 100 is en nie op 'n 5 eindig nie, rond dit tot die naaste meervoud van 10 af.

Deel die gemiddelde wat so verkry is deur die inokulumvolume, in milliliter, en vermenigvuldig dit dan met die toepaslike verdunningsfaktor om die getal *Staphylococcus aureus* per gram van die monster verkry.

10.10 *SALMONELLA*.

10.10.1 *Vooraf verryking:* Plaas 25-mℓ-hoeveelhede van die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) in elk van twee steriele 250-mℓ-flesse oor. Inkubeer die flesse 2–6 uur lank by 37 °C.

10.10.2 *Selektiewe verryking:* Plaas die hele inhoud van een van die flesse met die vooraf verrykte dispersie (kyk 10.10.1) in 'n fles oor wat 100 mℓ van die tetrationaatkweekbodem (kyk 10.4.16) bevat en die hele inhoud van die ander fles (kyk 10.10.1) in 'n fles wat 100 mℓ van die selenietkweekbodem (kyk 10.4.17) bevat. Inkubeer die geïnokuleerde tetrationaatkweekbodem tot 48 uur lank by 43 °C en die geïnokuleerde selenietkweekbodem tot 48 uur lank by 37 °C. Voer die diagnostiese plaatinokulering na die eerste 18–24 uur van die inkubeertydperk uit sonder om die inhoud van die flesse te skud.

10.10.3 *Diagnostiese plaatinokulering*.

(a) Neem met behulp van 'n platinum-draadoog met 'n binnediameter van 4 mm twee oëvol van die kultuur in die tetrationaatkweekbodem uit die bovlak van die kweekbodem en stryk elke oogvol oor die oppervlak van 'n plaat met briljantgroen-fenolrooi-agar (kyk 10.4.18). Meng die inhoud van die fles en herhaal die diagnostiese plaatinokulering met nog twee oëvol op twee verdere plate. Doen die bestryking op so 'n wyse dat die ontwikkeling van goed geïsoleerde kolonies aangehelp word. Bring gepaste etikette op die diagnostiese plate aan om die monsternemingsmetodes te identifiseer. Keer die plate om en inkubeer hulle 18–24 uur lank by 37 °C.

OPM.: Daar word beweer dat beweeglike *Salmonella*-organismes na die bovlak van die verrykingskweekbodem beweeg. Deur monsters uit die onversteurde troebel oppervlak te neem, sal die moontlikheid dat dié organismes opgespoor word, klaarblyklik verhoog word.

(b) Herhaal die prosedure in (a) hierbo maar gebruik die kultuur in die selenietkweekbodem.

(c) Plaas die kulture in die seleniet- en tetrationaatkweekbodemflesse terug in hul onderskeie inkubators vir die oorblywende inkubeertydperk (kyk 10.10.2). Herhaal na afloop van die inkubeertydperk die prosedure vir diagnostiese plaatinokulering met elke kultuur op 'n verdere reeks plate en inkubeer dié plate 18–24 uur lank by 37 °C.

(d) Ondersoek die plate na inkubasie vir vermoedelike kolonies *Salmonella*-organismes. Indien daar min groei op die plate is of indien geen verdagte kolonies aanwesig is nie, inkubeer die plate nog 20–24 uur lank en ondersoek hulle weer. Onderwerp enige verdagte kolonie aan verdere ondersoek. Ondervinding is nodig om kolonies *Salmonella*-organismes te herken en die voorkoms daarvan verskil op die twee diagnostiese kweekbodems en van spesie tot spesie, sowel as van produksielot tot produksielot kweekbodem.

10.10.4 *Bevestiging van verdagte kolonies:* Kies uit elke plaat vyf kolonies van elke tipe verdagte *Salmonella*-organisme of al sodanige kolonies, watter ook al die minste is.

Stryk elk van die geselekteerde kolonies oor die gedroogde oppervlak van 'n plaat voedingsagar (kyk 10.4.19) op so 'n wyse dat die ontwikkeling van goed geïsoleerde kolonies aangehelp word. Inkubeer die plate 18–24 uur lank by 37 °C. Ondersoek die kolonies wat op die plate ontwikkel vir eenvormigheid van eienskappe en stel op hierdie wyse vas of die kultuur wat ondersoek word, "suiwer" is. Dit is uiters belangrik dat die kultuur wat vir verdere toetse gebruik word, suiwer is. Indien twyfel bestaan, stryk 'n goed afgesonderde kolonie oor die gedroogde oppervlak van nog 'n plaat voedingsagar. Inkubeer hierdie plaat 18–24 uur lank by 37 °C en ondersoek soos hierbo. Herhaal, indien nodig, hierdie prosedure totdat die suiwerheid van die kultuur bo alle redelike twyfel vasgestel is. Onderwerp hierdie kultuur aan verdere toetse en dra sorg dat kontaminasie van die kultuur met ander mikro-organismes verhoed word.

10.10.5 *Biochemiese bevestiging:* Maak op die volgende kweekbodems subkulture van die suiwer kultuur (kyk 10.10.4), met behulp van 'n platinumnaald:

(a) *Driesuikerysteragar:* Maak 'n steekkultuur in die dik ent en stryk dit oor die skuins agaroppervlak van die driesuikerysteragar (kyk 10.4.21). Inkubeer 24–40 uur lank by 37 °C en ondersoek.

Klassifiseer die resultate soos volg:

Dik ent:	
Geel kleur	Glukose omgeset.
Geen verandering of rooi kleur	Glukose nie omgeset nie.
Swart kleur	Waterstofsulfied geproduseer.
Gasborrels of barste	Gas uit glukose geproduseer.
Helling:	
Geel kleur	Aërobiese omsetting van laktose of sukrose of albei.
Geen verandering of rooi kleur	Nòg laktose nòg sukrose omgeset.

(b) *Produksie van urease:* Stryk die suiwer kultuur oor die skuins agaroppervlak van ureumagar (10.4.22). Inkubeer 24–48 uur lank by 37 °C en ondersoek. Die splitsing van ureum produseer ammoniak, wat die kleur van die kweekbodem na ligroos en later na kersierooi verander.

(c) *Lisiendekarboksilering:* Inokuleer net onder die oppervlak van die lisiendekarboksileringskweekbodem (kyk 10.4.23), inkubeer 18–24 uur lank by 36 °C en ondersoek. Die dekarboksilering van lisien produseer kadawerien wat die kleur van die kweekbodem na pers verander. 'n Geel kleur of onveranderde kweekbodem dui afwesigheid van lisiendekarboksilering aan.

(d) Produksie van β-galaktosidase: Suspendeer 'n klein hoeveelheid van die bakteriemateriaal van die kultuur wat getoets word in 0,25 mℓ van die soutoplossing (kyk 10.4.29) in 'n klein proefbuis. Voeg 'n druppel tolueen by hierdie suspensie en verhit die buis 5 minute lank in 'n waterbad by 37 °C. Voeg 0,25 mℓ van die β-galaktosidasereagens (kyk 10.4.24) by die suspensie en meng. Inkubeer die buis minstens 24 uur lank by 37 °C en ondersoek met tussenpose. 'n Geel verkleuring, wat 'n positiewe reaksie aandui, kan binne 20 minute voorkom. Moenie die reaksie as negatief beskou voordat die inkubeertydperk van 24 uur verstryk het nie.

(e) *Produksie van indool:* Inokuleer 'n bottel triptoontriptofaankweekbodem (kyk 10.4.7) met die kultuur wat getoets word. Inkubeer 24 uur lank by 37 °C. Voeg na inkubasie 0,5 mℓ van die Kovacs-reagens (kyk 10.4.8) by die inhoud van die bottel. 'n Rooi verkleuring dui 'n positiewe reaksie aan.

(f) *Voges-Proskauer-reaksie:* Inokuleer elk van twee buise van die Voges-Proskauer-kweekbodem (kyk 10.4.25) met die kultuur wat getoets word. Inkubeer albei buise 24 uur lank, een by kamertemperatuur en die ander by 37 °C. Voeg na inkubasie twee druppels van die kreatienoplossing (kyk 10.4.26), drie druppels van die α-naftoloplossing (kyk 10.4.27) en dan twee druppels van die kaliumhidroksiedoplossing (kyk 10.4.28) by elke buis en meng die inhoud na elke byvoeging. Indien 'n ligroos tot helderrooi kleur binne 15 minute ontwikkel, dui dit 'n positiewe reaksie aan.

(g) *Oksidasereaksie.* Wend 'n klein hoeveelheid bakteriemateriaal uit die kultuur wat getoets word, op 'n sitochroomoksidasetoetsstrook (kyk 10.4.20) aan en vryf dit goed in die reaksiedeel in. Laat dit ongeveer 30 sekondes lank staan. 'n Blou verkleuring dui 'n positiewe reaksie aan.

10.10.6 *Vertolking van resultate van biologiese bevestigingstoetse.*

Reaksie	*Persentasie* Salmonella-*tipes wat 'n positiewe reaksie toon*
Suur uit glukose	100,0
Gas uit glukose	91,9
Suur uit laktose	0,8
Suur uit sukrose	0,5
Produksie van waterstofsulfied	91,6
Produksie van urease	0,0
Lisiendekarboksilering	94,5
Produksie van β-galaktosidase	1,5
Indoolreaksie	1,1
Voges-Proskauer-reaksie	0,0
Oksidasereaksie	0,0

Onderwerp alle kulture, behalwe dié wat op grond van bogenoemde data klaarblyklik nie *Salmonella*-organismes bevat nie, aan serologiese bevestigingstoetse.

10.10.7 *Serologiese bevestiging:* Indien geskikte polivalente anti-*Salmonella*- "O"- en -"H"-serums en -"Vi"-serums (kyk 10.4.30–32) beskikbaar is, ondersoek die verdagte kolonies wat op voedingsagar gekweek is deur middel van skyfie-agglutinasie vir die aanwesigheid van *Salmonella*- "O"- en -"H"-antigene en vir -"Vi"-antigene. Hou egter in gedagte dat daar nie uitsluitlik op die resultate van serologiese toetse staatgemaak moet word vir bevestiging nie en dat die resultate beoordeel moet word in samehang met die resultate wat deur biochemiese bevestiging verkry is.

10.10.8 *Vertolking van resultate van serologiese bevestigingstoetse.*

(a) *Polivalente "O"-serum:*

(1) Indien die resultaat negatief is, is daar byna sonder twyfel geen *Salmonella* aanwesig nie. Die enigste uitsondering is dat 'n kultuur 'n nuwe "O"-antigeen kan hê wat nog nie ingesluit is nie.

(2) Indien die resultaat positief is, is dit slegs 'n aanduiding dat die kultuur van die genus *Salmonella* kan wees.

(b) *Polivalente "H"-serum:*

(1) Indien die resultaat negatief is, is daar byna sonder twyfel geen *Salmonella* aanwesig nie. Die enigste uitsondering is dat 'n kultuur 'n nuwe "H"-antigeen kan hê wat nog nie ingesluit is nie.

(2) Indien die resultaat positief is, ag dat die kultuur positief vir *Salmonella* is.

(c) *Anti-"vi"-serums.* Indien die resultaat positief is, ag dat die kultuur positief vir *Salmonella* is.

10.11 *SHIGELLA.*

10.11.1 *Opsporing:* Volg die prosedure in 10.10 vir *Salmonella,* maar gebruik die gram-negatiewe kweekbodem (kyk 10.4.33) as die kweekbodem vir selektiewe verryking en XLD-agar (kyk 10.4.34) as die kweekbodem vir diagnostiese plaatinokulering en inkubeer in albei gevalle by 37 °C.

Kleurlose deursigtige kolonies op XLD-agar is verdagte Shigella-organismes. *Salmonella sp* en *Salmonella typhi* kan ook met gebruik van XLD-agar opgespoor word. Sodoende vul hierdie metode die metode in 10.10 beskryf, aan.

10.11.2 *Bevestiging:* Onderwerp elke verdagte kolonie aan die biochemiese toetse in 10.10.5 beskryf en aan 'n serologiese toets met gebruik van polivalente anti-*Shigella*-"O"-serum (kyk 10.4.35).

10.11.3 *Vertolking van resultate.*

Reaksie	*Persentasie* Shigella-*tipes wat 'n positiewe reaksie toon*
Suur uit glukose	100,0
Gas uit glukose	2,1
Suur uit laktose	0,2
Suur uit sukrose	0,6
Produksie van waterstofsulfied	0,0
Produksie van urease	0,0
Lisiendekarboksilering	0,0
Produksie van β-galaktosidase	38,3
Voges-Proskauer-reaksie	0,0
Indoolreaksie	30,6
Oksidasereaksie	0,0

10.12 *CLOSTRIDIUM.*

10.12.1 *Pasteurisasie:* Pasteuriseer 50 mℓ van die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) deur dit so lank in 'n waterbad by 82–85 °C te verhit dat die temperatuur van die inhoud 60 sekondes lank by 80 °C gehou word. Laat die warm dispersie vinnig onder lopende kraanwater tot onder 45 °C afkoel.

10.12.2 *Differensiële kweking:* Plaas 13 mℓ van die gepasteuriseerde dispersie oor in 'n bottel differensiële versterkte *Clostridium*-kweekbodem (kyk 10.4.36) en inkubeer óf vyf dae lank by 30 °C óf 24–48 uur lank by 37 °C. Ondersoek die inhoud met tussenpose vir moontlike swart verkleuring. Bevestig die aanwesigheid van anaërobes in kulture wat swart verkleuring toon, deur subkulture op plate versterkte *Clostridium*-agar (kyk 10.4.37) te maak, dit dan 48 uur lank aërobies sowel as anaërobies by 30 °C te inkubeer en te ondersoek vir enige kolonies wat ontwikkel.

Ag die toets positief indien groei van kolonies op die anaërobiese plaat plaasvind en die aërobiese plaat min of geen groei toon nie. Indien daar klostridia aanwesig is, toets hulle vir produksie van katalase.

10.12.3 *Bevestiging:* Indien groei aërobies en anaërobies plaasvind, maak weer subkulture van verdagte kolonies van die anaërobiese plaat op duplikaatplate en herhaal hierdie proses totdat die aanwesigheid of afwesigheid van *Clostridium*-organismes bevestig is.

10.12.4 *Toets vir produksie van katalase:* In die geval waar groei anaërobies maar nie aërobies plaasvind nie, oorstroom die oppervlak van die anaërobies geïnkubeerde plaat met waterstofperoksiedoplossing (kyk 10.4.38). Ag die toets vir die produksie van katalase negatief indien geen sigbare gasvorming binne 10 minute plaasvind nie.

10.12.5 *Vertolking van resultate:* Beskou organismes wat anaërobies groei of wat aërobies swak groei of glad nie groei nie, en wat 'n negatiewe resultaat in die toets vir produksie van katalase gee, as lede van die genus *Clostridium*.

10.13 PATOGENE *VIBRIO* (*VIBRIO CHOLERAE* EN *VIBRIO PARAHAEMOLYTICUS*).

(a) Berei binne 30 minute nadat die dispersie van die monster (kyk 10.5.2) berei is, twee kulture wat elk bestaan uit 100 mℓ van die dispersie gemeng met 100 mℓ van die dubbelsterkte *Vibrio*-verrykingskweekbodem (kyk 10.4.39). Inkubeer hierdie kulture 18–24 uur lank, die een by 37 °C en die ander een by 42 °C. Neem, sonder om die kulture te skud, 'n oogvol van die bovlak van elke kultuur af en versprei elke oogvol so oor 'n *Vibrio*-diagnoseagarplaat (kyk 10.4.40) dat daar seker gemaak word dat enige kolonies wat ontwikkel, goed geïsoleer sal wees. Keer die plate om en inkubeer hulle 18–24 uur lank by 37 °C.

(b) Ondersoek die geïnkubeerde plate op grond van die volgende eienskappe vir die aanwesigheid van *Vibrio spp:*

Beskrywing van kolonies	*Diameter van kolonie, mm*	*Vermoedelike identifikasie*
Plat, geel en rond	2–3	*Vibrio cholerae.*
Plat, geel en rond met 'n blougroen kern	1–2	*V. parahaemolyticus.*
Plat, geel en rond	4–6	*V. alginolyticus.*
Rond en blou	0,5–1	*Pseudomonas, Aeromonas.*
Deursigtig	0,1–0,5	*Proteus* of ander enterobakterieë.

Plaas verdagte kolonies op die lisien-indool-motiliteit-waterstofsulfiedagar (kyk 10.4.41) en op die ureumagarhellings (kyk 10.4.22) oor en inkubeer dié kulture 16–24 uur lank by 37 °C.

(c) Ondersoek die ureumagarhellings en, indien geen urease geproduseer is nie, plaas van die groei op 'n sitochroomoksidasetoetsstrook (kyk 10.4.20) oor en bepaal of die kolonies sitochroomoksidasie positief is [kyk 10.10.5(g)].

(d) Ondersoek ook die lisien-indool-motiliteit-waterstofsulfied-agarkulture en indien enige organisme verdagte *Vibrio cholerae* of *Vibrio parahaemolyticus* is, stuur 'n monster vir verdere identifisering aan 'n aanneemlike toetslaboratorium.

10.14 TOETS VIR DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE SKOONMAAK EN ONTSMETTING VAN INSTALLASIES, UITRUSTING EN GEREEDSKAP.

10.14.1 *Monsternemingsuitrusting.*

10.14.1.1 *Deppers.*

(a) *Voorbereiding.* Berei 'n toereikende getal deppers (kyk 10.14.2.1) voor deur in elke geval 'n ronde pluisie absorbeerwatte met 'n massa van 30–50 g op een ent van 'n houtstaaf met 'n lengte van ongeveer 140 mm en 'n diameter van ongeveer 2 mm aan te bring. Doop die pluisie van elke depper in 'n beker wat onaktiveerder-oplossing (kyk 10.4.42) bevat en plaas dan die depper in 'n afsonderlike plastieksakkie of ander geskikte houer wat die daaropvolgende sterilisering sonder beskadiging sal deurstaan. Verseël die houers en steriliseer hulle 20 minute lank in 'n outoklaaf by 121 ± 2 °C of op 'n ander geskikte wyse. Bewaar die deppers in 'n koel, donker plek.

(b) *Afwesigheid van stowwe wat die groei van mikro-organismes strem:* Inokuleer die oppervlak van plaattellingagar (kyk 10.4.3) in een petribakkie deeglik met *Escherichia coli* en dié in 'n soortgelyke bakkie met *Bicillus subtilis*. Verwyder die pluisies van twee deppers asepties en dompel 'n pluisie in die agar in elke bakkie voordat die agar stol. Inkubeer die petribakkies 18 uur lank by 35 ± 2 °C. Ondersoek die bakkies na inkubasie en oordeel dat die lot voorbereide deppers nie geskik is nie indien daar enige teken is dat die groei van organismes om en onder enige van die deppers gestrem is. Berei in dié geval nog 'n lot deppers voor soos in (a) beskryf en toets weer soos hierbo.

10.14.2 *Monsternemingsprosedure.*

10.14.2.1 *Algemeen:* Neem monsters op minstens 15 verskillende plekke. Gebruik, waar moontlik, monsteroppervlaktes van 10 cm^2. Teken die oppervlakte, in vierkante sentimeter, van elke oppervlak waarvan 'n monster geneem is, aan.

10.14.2.2 *Monsterneming met deppers:* Maak 'n depperhouer asepties oop en, indien 'n plastieksak gebruik is, maak dit aan die kant weg van die wattepluisie oop. Maak seker dat die vingers van die monsternemer nooit tydens die hantering van 'n depper aan die pluisie of die aanliggende deel van die steel raak nie. Vryf die depper deeglik oor die oppervlakte waarvan 'n monster geneem gaan word. Draai hierby die depper so dat die hele oppervlak daarvan deeglik in aanraking kom met die oppervlak waarvan 'n monster geneem word. Plaas die depper terug in die houer en, indien 'n plastieksak gebruik is, verseël dit weer. Merk die houer met 'n waspotlood of ander geskikte merkpotlood om die plek waar die monster geneem is, daarop te identifiseer.

10.14.3 *Toetsprosedure.*

10.14.3.1 *Toets van deppers.*

(a) *Spoelsuspensie:* Haal die depper wat getoets word uit die houer en breek die pluisie in 'n bottel met peptoonwater [kyk 10.4.2(a)] af deur die bottelnek as hefboom te gebruik. Skud die bottel deeglik.

(b) *Inokulasie en inkubasie:* Plaas 1,0 mℓ van die spoelsuspensie asepties in elk van twee petribakkies oor. Voeg 15 mℓ van die plaattellingagar (kyk 10.4.3) by elke petribakkie en meng die inhoud van die bakkie deur dit liggies te werwel. Plaas op 'n tafel en laat stol. Keer die bakkies om en inkubeer hulle 72 uur lank by 25 ± 2 °C.

(c) *Vertolking:* Tel na afloop van die inkubeertydperk die totale getal bakeriekolonies wat op die twee plate ontwikkeling het en teken dit aan. Vermenigvuldig dié getal met vyf om die getal lewensvatbare bakterieë op die toetsoppervlakte waarvan die monster geneem is, te bereken en korrigeer vir 'n oppervlakte van 10 cm^2, indien nodig.

(d) *Toets vir die aanwesigheid van fekale kolivorme bakterieë:* Inkubeer die oorblywende spoelsuspensie [kyk (a) hierbo] 6–8 uur lank by 37 ± 2 °C. Inokuleer 1 mℓ van die spoelsuspensie in elk van twee bottels met enkelsterkte briljantgroen-galkweekbodem (kyk 10.4.5) en inkubeer oornag by 37 °C. Volg dan die prosedure in 10.8.1(b).

10.14.3.2 *Uitdruk van skoonmaak- en ontsmettingsdoeltreffendheid:* Ken een van die simbole B, RB en OB, volgens die telling lewensvatbare bakterieë of die aanwesigheid van fekale kolivorme bakterieë aan elke monster toe, soos volg:

Telling	*Simbool*
0–15/10 cm^2, fekale kolivorme bakterieë afwesig	B (Bevredigend).
16–75/10 cm^2, fekale kolivorme bakterieë afwesig	RB (Redelik bevredigend).
Bo 75/10 cm^2, of fekale kolivorme bakterieë aanwesig, of albei	OB (Onbevredigend).

10.14.3.3 *Berekening:* Bereken die persentasie skoonmaak- en ontsmettingsdoeltreffendheid soos volg:

$$\text{Skoonmaak- en ontsmettingsdoeltreffendheid, \%} = \frac{(2X + Y) \times 100}{2T}$$

waar X = die getal B-resultate.
Y = die getal RB-resultate.
T = die totale getal monsters.